# Op soek na regsekerheid in die warboel van abduksie, menseroof en mensehandel

**Beatri Kruger**

Beatri Kruger, Sentrum vir Menseregte, Universiteit van die Vrystaat

***Opsomming***

Daar heers heelwat onsekerheid oor die misdade abduksie, menseroof en mensehandel in die Suid-Afrikaanse reg. Hierdie bydrae verken die vervlegting van en verwarring tussen hierdie misdade, en hoe dít regsekerheid in die praktyk raak. Die beginsel van regsekerheid is 'n kerndeel van die Suid-Afrikaanse reg, word deur beslissings van die Konstitusionele Hof onderskryf, en bevorder deursigtigheid, voorspelbaarheid, billikheid en geregtigheid. Die artikel bevestig dat die drie misdade as aparte, onafhanklike misdrywe in die Suid-Afrikaanse reg erken word, elk met sy eie, unieke aard en omskrywing. Benewens etlike ander verskille tussen die misdade, beskerm elk ook verskillende regsbelange. Nietemin is die onderskeid tussen abduksie, menseroof en mensehandel nie klinkklaar en presies nie, maar bestaan daar heelwat oorvleueling en verbande tussen die drie misdrywe. Dit is egter veral die etlike onduidelikhede en verwarring ten opsigte van dié misdade in ons regspraak en wetgewing wat kommer wek. Hierdie verstrengeling kniehalter regsekerheid en belemmer die suiwer toepassing van die reg. Gevolglik word in hierdie artikel bepaalde aanbevelings aan die hand gedoen om die verwarring tussen abduksie, menseroof en mensehandel uit die weg te ruim en groter regsekerheid te bewerkstellig.

**Trefwoorde:** abduksie; mensehandel; menseroof; ontvoering; Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act; *ukuthwala*

***Abstract***

***Searching for legal certainty in the confusion between abduction, kidnapping and human trafficking***

Considerable confusion has emerged between common-law abduction, kidnapping and human trafficking in South African law and the application of the law regarding these offences. The purpose of this article is to investigate by means of a qualitative literature review and legal analyses the links, intersections and muddling of these offences and how these factors impact legal certainty. The principle of legal certainty, underpinned by the Constitutional Court, is a cornerstone of South African law and bolsters transparency, predictability, fairness and justice. However, legal certainty is not entirely a rigid concept, for the law continuously adapts to changing values and developments. Importantly, certainty about the law and its contents remains crucial for citizens to enable them to avoid conduct that will make them criminally liable.

Abduction, kidnapping and human trafficking are indeed recognised as separate, independent offences in South African law, each with its own unique features. An analysis of the essence of each of the offences reveals profound differences between them. Apart from the diverse elements of their legal definitions, each of these offences serves a specific purpose by protecting distinct legal interests. The offence of abduction protects parents' rights to the factual exercising of control over their unmarried, minor children as well as to consent to such children's marriage. Different from abduction, the offence of kidnapping has a twofold character in that it protects more than one legal interest. Firstly, it protects all persons' freedom of movement and, secondly, it protects parents' control over their minor children.

Importantly, the crimes of abduction and kidnapping in criminal law must be distinguished from child abduction or child kidnapping in terms of the Hague Convention on the Civil Aspects of International Child Abduction. This treaty facilitates the return of a child who was wrongfully removed by a parent without the other parent's consent in contravention of an existing agreement between the parents.

In contrast to the longstanding abduction and kidnapping offences, the human trafficking offence was established only more recently by the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 of 2013 (Trafficking Act), which came into operation on 9 August 2015. This law criminalises all types of human trafficking, irrespective of the age or gender of the victim.

The definition of "trafficking in persons" or human trafficking comprises three main components: the conduct, the means and the exploitative purpose. In short, a conviction on human trafficking requires that the perpetrator commits any of the nine prohibited acts, including recruiting, transporting, selling or harbouring the victim, by using any of the ten listed means, such as force, deceit or abuse of power, with the purpose of exploiting the victim. Where children are trafficked, however, the international standard expressly waives the "means" definitional component and requires only the prohibited conduct and the exploitative purpose. Unfortunately, some uncertainty prevails, for the Trafficking Act does not explicitly clarify what elements must be proven when a child is trafficked.

The well-defined legal differences between the three offences may lead to the immediate conclusion that these offences can hardly be confused with one another. However, in-depth scrutiny of the law unveils several dilemmas.

One dilemma that hampers legal certainty is the conceptual confusion that exists in relation to kidnapping. This problem has arisen from the historical development of the common-law crime known as *plagium* and has resulted in the use of various names for this offence, such as *kidnapping, childstealing* and *manstealing*. It is problematic that different terms for the same offence are still included in the Criminal Procedure Act 51 of 1977. The corresponding terms *ontvoering*, *kinderdiefstal* and *menseroof* respectively are also incorporated in the Afrikaans version of this act.

Despite the clear differences between abduction and kidnapping, there is also some similarity in that the removal of a child from the parents' authority forms part of both crimes. Still, this aspect should not result in the confusion of kidnapping with abduction. While in abduction the child must be removed with the specific purpose of enabling someone to marry or have sexual intercourse with the child, in kidnapping the intent is to remove the child from the parents' control, and the motive for the removal is immaterial. Apart from this issue, investigation further reveals that the two offences may indeed overlap in certain circumstances. In addition, a serious concern has been identified in case law. In some court cases a clear distinction between abduction and kidnapping is lacking, the elements of the offences are confused, or the offences are even conflated with each other. This situation undermines legal certainty.

Juxtaposing the statutory, treaty-based offence of human trafficking with the common-law offences of abduction and kidnapping reveals a list of differences. The differences are based mainly on the comprehensive provisions concerning human trafficking embedded in the Trafficking Act, which include the introduction of the human trafficking and other related crimes with accompanying stringent penalties and the legal duty to report human trafficking. Different from the abduction and kidnapping offences, the act further provides in detail for victims, including victim-centred services, compensation, temporary visas for a recovery and reflection period, and protection of victims against criminal prosecution, unauthorised access and deportation.

Despite these stark differences, the Trafficking Act has also introduced a connection between human trafficking and the other two offences in that the act incorporates both common-law crimes in the definition of human trafficking. Both abduction and kidnapping are included in the list of prohibited means for committing the unlawful trafficking act. This connection initiated by the Trafficking Act may result in uncertainties and impede the distinction between the three crimes.

Investigation of the aberrant forms of the Nguni tradition of *ukuthwala* reveals another dilemma. The use of distorted, coercive and violent forms of ukuthwala is often enmeshed with abduction, kidnapping and human trafficking. Although case law has provided guidelines on some of the complex issues, legal uncertainty still prevails regarding others.

Apart from detailing the distinct differences between abduction, kidnapping and human trafficking, this article brings to light overlapping and connecting relationships between these offences. Particularly important is the finding that these offences are occasionally interwoven and muddled in case law and legislation. The inconsistent and imprecise application of the law regarding these offences has resulted in ambiguities. This dilemma obstructs legal certainty, which requires the law to be clear, predictable and applied consistently. Finally, in the quest to strengthen legal certainty, recommendations are made for addressing the uncertainties and confusion concerning abduction, kidnapping and human trafficking.

**Keywords:** abduction; human trafficking; kidnapping; Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act; *ukuthwala*

## 1. Inleiding

Die misdade abduksie, menseroof en mensehandel word as aparte misdade in die Suid-Afrikaanse reg erken. Nogtans kan dié misdade in sekere omstandighede met mekaar oorvleuel, verband hou, of selfs so vervleg wees dat dit moeilik is om daartussen te onderskei. Soms word dit ook ooglopend met mekaar verwar, wat regsekerheid belemmer.

Die beginsel van regsekerheid word as 'n grondbeginsel van elke moderne regstelsel beskou, en die Suid-Afrikaanse reg is geen uitsondering nie. Kortom stel sekerheid oor die reg landsburgers in staat om so op te tree dat hulle nie die reg oortree nie:

> [T]he law must be sufficiently clear to provide those subject to legal norms with the means to regulate their own conduct and to protect against the arbitrary exercise of public power … As such, legal certainty has played a vital role in determining the space of individual freedom and the scope of state power.[1]

Regsekerheid is egter nie absoluut haalbaar nie, weens verskeie faktore, waaronder veranderende waardes in die samelewing en die manier waarop verskillende regsprekende beamptes die taal waarin regsreëls geskryf is, vertolk.[2] Die reg is ook nie rigied nie en verander voortdurend om met die snel veranderende samelewing tred te hou. Fenwick en Wrbka beklemtoon dus tereg dat regsekerheid beïnvloed word deur "the demand that the law be more flexible and responsive to a social environment characterized by rapid economic, social and technological change".[3]

Nietemin is die beginsel van regsekerheid belangrik om duidelikheid, voorspelbaarheid, stabiliteit en deursigtigheid in die reg te verseker. Hoewel sienings van en benaderings tot regsekerheid verskil, is die kern van dié beginsel soos volg:

> [L]egal certainty means that law is predictable, that it will be applied consistently and that it has a fixed and certain content. This is the ideal of legal practitioners and ordinary people alike. They want to know what the legal position in a specific case is so that clients can be advised and lives can be planned.[4]

Volgens Fenwick en Wrbka bevat die meeste nasionale grondwette regsekerheid as beginsel.[5] Dít het die Konstitusionele Hof inderdaad bevestig in *Director of Public Prosecutions, Transvaal v Minister of Justice and Constitutional Development*, waar die hof beslis het dat artikel 172(2) van die Grondwet[6] die belangrike "constitutional purpose of avoiding disruptive legal uncertainty" onderskryf.[7] Die Konstitusionele Hof het dit ook meer onlangs, op 17 September 2021, in *Zuma v Secretary of the Judicial Commission of Inquiry into Allegations of State Capture, Corruption and Fraud in the Public Sector Including Organs of State*[8] duidelik gestel dat "the principles of legal certainty and finality of judgments are the oxygen without which the rule of law languishes, suffocates and perishes."[9]

Die verstrengeling van abduksie, menseroof en mensehandel bring regsonsekerheid mee. Ofskoon daar al baie oor elk van die drie misdade afsonderlik gepubliseer is,[10] is dit ter wille van regsekerheid dus nodig om die verskille, verbande en oorvleueling tussen, sowel as die vermenging van, hierdie misdrywe te ontrafel en noukeurig te ondersoek. Hierdie studie lewer 'n bydrae in dié verband deur die verwarring tussen abduksie, menseroof en mensehandel deur middel van 'n kwalitatiewe literatuurstudie en regsontleding te verken. Eerstens sit die bydrae die eiesoortige aard van elke misdaad uiteen. Voorts volg 'n kritiese ontleding van die verskille, oorvleuelings en verwarring tussen die drie misdrywe met verwysing na tersaaklike regspraak en wetgewing. Ten slotte volg aanbevelings om groter regsekerheid ten opsigte van die geïdentifiseerde knelpunte in verband met abduksie, menseroof en mensehandel te skep.

## 2. Die eiesoortige aard van abduksie, menseroof en mensehandel

Die vernaamste onderskeid tussen misdade in die algemeen lê opgesluit in elkeen se kenmerkende elemente. Derhalwe is dit 'n gepaste wegspringpunt om eers die eiesoortige omskrywingselemente van abduksie, menseroof en mensehandel op te klaar.

### *2.1 Gemeenregtelike abduksie*

Abduksie, wat in die Romeins-Hollandse reg as *raptus* bekend was en die verwydering sonder toestemming uit ouerlike beheer van 'n minderjarige behels,[11] kom uit 'n tyd toe minderjariges, en veral dogters, ongetwyfeld ondergeskik aan hul ouers was. Tye het egter verander. Hedendaagse minderjariges is veel selfstandiger en meer onafhanklik van ouerlike gesag.[12] Abduksie het dus tans 'n meer beperkte doel. Nogtans beskerm dit steeds sekere regsbelange van ouers, naamlik ouers se *de facto*-reg om feitelik beheer uit te oefen oor hul minderjarige ongetroude kinders, en hul *de iure*-reg om tot sodanige kinders se huweliksluiting toe te stem.[13]

#### *2.1.1 Elemente van die misdaad*

Volgens Snyman[14] pleeg iemand gemeenregtelike abduksie indien hy of sy 'n ongetroude persoon onder 18-jarige ouderdom[15] wederregtelik en sonder die toestemming van sodanige kind se ouer of voog uit die ouer of voog se beheer neem met die opset dat die oortreder of iemand anders met die kind kan trou of seksueel kan verkeer. Die oortreder en die verwyderde kind kan albei manlik of vroulik wees.[16] Die misdaadomskrywing toon duidelik dat die misdaad dus nie teen die kind gepleeg word nie, maar teen die ouer of voog. Daarom beklemtoon Burchell[17] dat dit geen verweer is indien die kind tot die verwydering toestem nie.

#### *2.1.2 Verwydering van die minderjarige*

Die handelingselement wat vir abduksie vereis word, is die verwydering van 'n kind jonger as 18 jaar uit die beheer van sy of haar ouer of voog, hetsy met of sonder geweld.[18] Nietemin is ouerlike beheer nie beperk tot wanneer die kind fisies in die ouerhuis teenwoordig is nie. Ouerlike beheer oor die kind duur voort wanneer die kind met die ouer se toestemming iemand anders besoek of elders gaan woon. Minnie bevestig dat ouers in so 'n geval beheer uitoefen deur middel van die persoon wat in daardie stadium feitelike beheer oor die kind het.[19] Die koshuishoof kan byvoorbeeld *in loco parentis* optree ten opsigte van kinders wat in die skool se koshuis tuisgaan.

Die oortreder verwyder die kind gewoonlik uit die ouer se beheer deur die kind van een plek (soos die kind se ouerhuis) na ’n ander te neem. Dít is egter nie ’n vereiste vir abduksie nie. Die oortreder kan die kind ook konstruktief verwyder deur hom of haar op ’n plek weg van die ouerhuis te ontmoet en die kind dan te oorreed om nie terug te keer huis toe nie.[20]

*2.1.3 Opset ten tye van die verwydering*

Die oortreder moet ten tye van die verwydering weet of kan voorsien dat die kind ’n ongetroude minderjarige onder beheer van sy of haar ouer of voog is, welke ouer of voog nie tot die kind se verwydering toegestem het nie. Hierbenewens beklemtoon Kemp[21] dat die oortreder ook die “spesifieke opset” moet hê dat hy, sy of iemand anders met sodanige kind trou óf seksueel verkeer. Die troue of geslagsgemeenskap self is egter nie ’n vereiste nie. Dit is voldoende dat die nodige opset by die verwydering van die kind uit ouerlike beheer gevorm is.[22]

*2.1.4 Opset en die duur van die verwydering*

’n Verdere vereiste is dat die oortreder die opset moet hê om die kind nie net tydelik nie, maar blywend, óf vir ’n wesenlike tydperk, uit die ouer se beheer te verwyder.[23] Juis hierdie vereiste onderskei abduksie van seduksie.[24] Seduksie is nie ’n misdaad nie.[25] Dit behels slegs die tydelike neem van ’n minderjarige vir seksuele verkeer, maar sonder die opset om die kind vir ’n geruime of wesenlike tyd te verwyder en die ouer se reg op beheer oor die kind sodoende te skend.[26]

***2.2 Menseroof (ontvoering)***

Die begripsverwarring in die geskiedkundige ontwikkeling van die misdaad *plagium* het tot gevolg gehad dat daar steeds verskeie benamings in regspraak, wetgewing en ander literatuur vir hierdie misdaad gebruik word.[27] In hierdie bydrae word die benaming menseroof in navolging van Snyman[28] en De Wet[29] gebruik.

*2.2.1 Elemente van die misdaad*

Volgens die Appèlhof in *S v Naidoo*[30] behels die gemeenregtelike misdaad van menseroof (*kidnapping*) die “deprivation of liberty of movement of the victim”. Die misdaad beskerm dus die reg op bewegingsvryheid wat tans in artikel 12(1) van die Grondwet verskans is. Kinderdiefstal is egter ook mettertyd onder menseroof tuisgebring.[31] Gevolglik is menseroof tweeledig: Dit behels die wederregtelike en opsetlike ontneming van enige natuurlike persoon se vryheid van beweging en/of die verwydering van ’n kind onder 18 jaar[32] uit sy of haar ouer of voog se beheer sonder dié se toestemming.[33]

Soos uit bostaande misdaadomskrywing blyk, beskerm menseroof dus twee verskillende regsgoedere, naamlik elke persoon se bewegingsvryheid en/of ouers of voogde se beheer en toesig oor hul minderjarige ongetroude kinders.[34] Indien so ’n kind dus sonder sy of haar toestemming van bewegingsvryheid ontneem word én die verwydering geskied boonop sonder die ouer of voog se toestemming, word albei hierdie regsgoedere geskend.[35]

*2.2.2 Ontneming van bewegingsvryheid en/of ouerlike beheer*

Die handelingselement van menseroof is die ontneming van 'n ouer se beheer oor, of bewaring van, sy/haar minderjarige kind en/of die ontneming van enige natuurlike persoon se bewegingsvryheid deur middel van geweld of misleiding of op enige ander wyse.[36]

Gewelddadige ontneming van bewegingsvryheid is byvoorbeeld in *S v Mellors* (hierna *Mellors*)[37] bewys deurdat die appellant in die biblioteek sy vuurwapen op die klaagster gerig en haar daar teen haar sin in 'n vertrek gevange gehou het. Ook in *S v Dlamini* (hierna *Dlamini*)[38] het die appellant duidelik die twee klaagsters onder dwang van hul bewegingsvryheid ontneem. Hy was saam met die klaagsters in 'n huis toe hy die deur gesluit het. Die klaagsters wou huis toe gaan omdat albei kort vantevore deur die appellant verkrag is, maar hy het geweier en hulle 'n tyd lank daar gevange gehou. Benewens die skuldigbevinding aan etlike verkragtings, het die hof die appellant ook aan menseroof skuldig bevind.[39]

*2.2.3 Duur van vryheidsontneming*

Uitsprake oor hoe lank die ontneming van bewegingsvryheid of van ouerlike beheer moet voortduur om as menseroof beskou te word, weerspreek mekaar.[40] Tot tyd en wyl die Hoogste Hof van Appèl 'n bindende uitspraak oor hierdie regspunt lewer, volg meer onlangse regspraak oënskynlik die benadering dat menseroof nie langdurige ontneming van bewegingsvryheid of beheer vereis nie. Verskillende hooggeregshowe het dít bevestig:[41] In 1983 is daar byvoorbeeld in *S v F*[42] bevind dat die verwydering van 'n tweejarige dogtertjie uit haar ouers se beheer vir slegs 40 minute voldoende was om 'n skuldigbevinding aan menseroof te regverdig. Daarna is in sowel *Mellors* as *Dlamini* beslis dat die ontneming van bewegingsvryheid of beheer vir 'n betreklik kort tydperk voldoende kan wees.[43]

*2.2.4 Verwydering van die ontvoerde persoon*

Die oortreders ontneem gewoonlik die ontvoerde persone van hul vryheid deur hulle teen hul sin van een plek na 'n ander te neem. Dít was onlangs die geval in *Nene v S*,[44] waar die hof op 8 Junie 2021 die appellant se skuldigbevinding aan menseroof soos volg bekragtig het:

> As far as the kidnapping charge is concerned, there can be no doubt that the appellant had deprived the complainant of her freedom by forcing her to the graveyard and thereafter to his shack.

Ook in *S v Ramabokela*[45] het stakende munisipale werkers subkontrakteurs gewelddadig iewers anders heen weggevoer.

Nietemin is fisiese verwydering nie 'n vereiste vir menseroof nie.[46] Die appellant in *Mellors*[47] het byvoorbeeld 'n biblioteek in Johannesburg binnegegaan, sy pistool op die klaagster gerig en haar beveel om sekere oproepe te maak. Daar was politieke redes vir die misdaad. Hy het boeke teen die vertrek se deur opgestapel om seker te maak dat niemand die vertrek kan binnekom of verlaat nie. Sodoende het hy die klaagster saam met hom in die vertrek afgesonder, met die wapen deurentyd in sy hand. Hy het haar twee en 'n halfuur later vrygelaat en homself oorgegee. Die oortreder se opset om die klaagster van haar bewegingsvryheid te ontneem was dus duidelik, al het hy haar nie elders heen weggevoer nie, en hy is gevolglik aan menseroof skuldig bevind.

*2.2.5 Opset en motief by menseroof*

Die tweeledige opset vir menseroof behels dat die oortreder ten tye van die vryheidsontneming of verwydering die opset moet hê om enige natuurlike persoon van sy/haar bewegingsvryheid óf 'n ouer van sy/haar beheer oor 'n minderjarige kind te ontneem.

Volgens Snyman[48] is die beweegrede of motief vir die vryheidsontneming nie van belang by die vasstelling of die oortreder aanspreeklik vir die misdaad is nie, maar kan dit wel by vonnisoplegging 'n rol speel. Menseroof kan om verskillende redes gepleeg word, wat emosionele, romantiese, politieke, of finansiële redes insluit.[49] In die meeste gevalle geskied menseroof sodat die oortreder 'n losprys vir die ontvoerde persoon se vrylating kan eis. So byvoorbeeld het 'n sindikaat van nege mans onlangs 'n vrou van Welkom ontvoer, in 'n sinkhuis aangehou, en as losprys 'n goudstaaf ter waarde van R6,5 miljoen van haar man, wat by 'n myn werk, geëis.[50] Die Hoogste Hof van Appèl het egter ook so lank terug as in 1974 die beskuldigde in *S v Naidoo*[51] aan menseroof skuldig bevind nadat die beskuldigde 'n 13-jarige seun ontvoer, vir 12 dae aangehou en 'n losprys van R45 000 vir sy vrylating geëis het. Die eis van 'n losprys is egter nie 'n vereiste vir menseroof nie.[52] In *Mellors*, *Dlamini* en *S v F*[53] is skuldigbevindings aan menseroof opgelê sonder dat 'n losprys geëis is.

'n Verdere bespreking van die onduidelikhede oor die misdaad van menseroof volg later.[54]

***2.3 Mensehandel***

*2.3.1 Inleiding*

Handel in mense asof hulle verbruiksartikels is, neem wêreldwyd toe. Internasionale verslae soos die Verenigde State se jaarlikse *Trafficking in persons report*[55] bevat omvattende wêreldwye data oor die volle spektrum van mensehandel. Die eerste *Global synthetic dataset on human trafficking*,[56] wat in September 2021 verskyn het, bevat op sy beurt data van meer as 156 000 slagoffers wat in 189 lande verhandel is. En na aanleiding van 'n studie van 148 lande berig die Verenigde Nasies se kantoor vir dwelms en misdaad (oftewel UNODC) soos volg in sy *Global report on trafficking in persons* van 2020:[57]

> Although found in every country and every region, trafficking in persons remains a hidden crime, with perpetrators operating in the dark corners of the internet and the underbelly of the global economy to entrap victims for sexual exploitation, forced labour, domestic servitude and other forms of exploitation.

Die uitdaging om hierdie komplekse misdaad te bekamp het die internasionale gemeenskap genoop om in 2000 'n uitgebreide, universele protokol, naamlik die Verenigde Nasies se Protokol vir die Voorkoming, Beëindiging en Bestraffing van Handel in Mense, veral Vroue en Kinders (hierna "die Mensehandelprotokol"), te aanvaar. Dié protokol is ter aanvulling van die Konvensie teen Transnasionale Georganiseerde Misdaad[58] aanvaar, en word dus in samehang daarmee vertolk.[59] Die protokol, wat teen 15 Julie 2021 reeds deur 178 lande bekragtig is,[60] bevat minimum standaarde vir hoe ondertekenaars mensehandel in hul nasionale wetgewing behoort te bekamp.[61] Suid-Afrika het die protokol reeds op 20 Februarie 2004 bekragtig, en is daarom verplig om die verdragsverpligtinge met betrekking tot mensehandel na te kom.[62] Die Suid-Afrikaanse gemenereg en bestaande wetgewing het egter nie voldoende vir die bekamping van mensehandel voorsiening gemaak nie. Gevolglik is nasionale wetgewing

uitgevaardig om nie net aan die verpligtinge in die Mensehandelprotokol nie, maar ook aan dié in die Handves van Regte te voldoen.[63]

In die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse wetgewing is blote tussentydse bepalings teen mensehandel aanvanklik by bestaande wetgewing ingesluit. Eerstens is mensehandel vir seksuele uitbuiting in 2007 verbied deur artikels 70 en 71 van Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007. Daarna is alle vorme van kinderhandel op 1 April 2010 gekriminaliseer met die invoeging van hoofstuk 18 in die Kinderwet 38 van 2005.[64] Hierdie tussentydse maatreëls het egter wesenlike tekortkominge gehad. Dít is ondervang deur die Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013 (oftewel die "Wet op Mensehandel"), wat met die uitsondering van artikels 15, 16 en 31(2)(b)(ii) op 9 Augustus 2015 in werking getree het.[65] Die tussentydse maatreëls, wat buite die bestek van hierdie bydrae val, is terselfdertyd herroep.

Die vernuwende en holistiese benadering van die Wet op Mensehandel strook met internasionale standaarde.[66] Die wet maak omvattend voorsiening vir die vervolging én voorkoming van alle vorme van mensehandel, die beskerming van alle slagoffers, ongeag ouderdom of geslag, asook samewerking met ander state.[67] Die wet kan tereg as 'n mylpaal in die bekamping van mensehandel beskou word.

*2.3.2 Elemente van mensehandel*

Die Wet op Mensehandel kriminaliseer mensehandel vir die eerste keer breedvoerig. Die konsep *mensehandel* word nie in artikel 1 van die wet omskryf nie. Artikel 4(1) van die wet voldoen egter aan die internasionale standaard[68] deur te bepaal dat handel in volwasse slagoffers uit die drie kernelemente van handeling, metode en doel bestaan:

| | |
|---|---|
| 1. HANDELING | "Any person who delivers, recruits, transports, transfers, harbours, sells, exchanges, leases or receives another person within or across the borders of the Republic, …" |
| 2. METODE | "… by means of—<br>(a) a threat of harm;<br>(b) the threat or use of force or other forms of coercion;<br>(c) the abuse of vulnerability;<br>(d) fraud;<br>(e) deception;<br>(f) abduction;<br>(g) kidnapping;<br>(h) the abuse of power;<br>(i) the direct or indirect giving or receiving of payments or benefits to obtain the consent of a person having control or authority over another person; or<br>(j) the direct or indirect giving or receiving of payments, compensation, rewards, benefits or any other advantage, aimed at either the [trafficked] person or an immediate family member of that person or any other person in close relationship to that person, …" |
| 3. DOEL | "… for the purpose of any form or manner of exploitation, is guilty of the offence of trafficking in persons." |

Kortom bepaal artikel 4(1) dus dat die misdaad van mensehandel gepleeg word wanneer die oortreder (a) enige van die verbode handelinge pleeg, (b) op enige van die gelyste onregmatige wyses (metode), en (c) met die doel om die slagoffer op enige wyse uit te buit (doel/opset).

*2.3.3 Handeling (aksie)*

Die handelingselement behels eerstens dat die oortreder, wat óf 'n natuurlike óf 'n regspersoon kan wees, minstens een van die handelinge in artikel 4(1) binne óf buite Suid-Afrikaanse grense pleeg. Hierdie handelinge word in die verskillende fases van die mensehandelproses gepleeg. Dit sluit in die werwing, vervoer, verskuiwing, huisvesting, ontvangs, lewering, verkoop, uitruiling of uithuur van 'n slagoffer. Hierdie wye benadering verseker dat die gereg elke oortreder vir sy of haar aandeel in die pleging van die misdaad aanspreeklik kan hou.[69] Die wet omskryf egter nie hierdie verbode handelinge nie. In geval van onduidelikheid is die howe dus daarvoor verantwoordelik om in regspraak elk van die gelyste handelinge duidelik uit te lê.

*2.3.4 Verbode metodes*

Tweedens vereis die wet dat die oortreder die verbode handeling deur middel van enige van die gelyste metodes pleeg. Dié metodes omvat die vele wyses "in which perpetrators exercise control over or manipulate their victims".[70] Dit sluit in geweld of dreigemente van geweld, abduksie, menseroof (ontvoering), bedrog of misleiding, die gee of ontvang van enige voordeel, die misbruik van mag, of die uitbuiting van die slagoffer se kwesbaarheid. Handelaars manipuleer hul slagoffers ook dikwels om aan hul eise toe te gee deur die slagoffer se ouers, kinders of enige ander persone in 'n "noue verbintenis" met die slagoffer te dreig of te benadeel.[71] Hierteen bied die wet egter óók beskerming.[72]

*2.3.5 Doel om uit te buit*

Derdens vereis artikel 4(1) van die wet in navolging van internasionale standaarde[73] dat die oortreder die doel of opset moet hê om die slagoffer op enige wyse uit te buit. Die werklike uitbuiting van die slagoffer is egter nie 'n vereiste nie.[74] Dít word bevestig in artikel 11(1), wat bepaal dat indien al die elemente van die misdaad teenwoordig is, dit geen verweer is indien die beoogde uitbuiting nié plaasvind nie.

Hierdie regspunt is toegepas in *S v Sibanda Fabiao*,[75] waar 'n Zambiese man met sy familie saamgesweer het om 'n 12-jarige meisie onwettig van Zimbabwe na Suid-Afrika te bring sodat hy met haar kon trou. Ná haar aankoms in Suid-Afrika het Fabiao gereël dat hulle verder per trein reis. Medepassasiers het gedurende die treinrit onraad gemerk toe die kind onophoudelik oor die voorgestelde gedwonge huwelik huil. Die beskuldigde is uiteindelik in hegtenis geneem en ingevolge die Wet op Mensehandel aan mensehandel skuldig bevind, selfs al het die beoogde uitbuiting nie plaasgevind nie.

*2.3.6 Elemente van kinderhandel in die Wet op Mensehandel*

Die Mensehandelprotokol maak 'n duidelike onderskeid tussen die vereiste elemente vir die handel in volwasse persone en handel in kinders. Daarteenoor, hoewel die Wet op Mensehandel die drie kernelemente vir mensehandel in volwasse persone beskryf, meld die wet nié uitdruklik watter elemente ten opsigte van kinderslagoffers bewys moet word nie. Dit wil dus voorkom

of die staat ook in geval van ’n kinderslagoffer al drie die hoofelemente van die misdaad in artikel 4(1) moet bewys.

So ’n vertolking is egter in stryd met die internasionale standaard in artikel 3(c) van die Mensehandelprotokol.[76] Die protokol bepaal dat al drie hoofelemente – handeling, metode en doel – in geval van ’n volwasse slagoffer bewys moet word, maar vereis nie die metode-element vir kinderhandel nie.[77] Dit is belangrik dat hierdie onsekerheid in die Wet op Mensehandel uitgeklaar word.

## 3. Regsonsekerheid met betrekking tot abduksie, menseroof en mensehandel

Uit bostaande bespreking lyk dit op die oog af of daar maklik tussen die misdade abduksie, menseroof en mensehandel op grond van elkeen se eiesoortige elemente onderskei kan word. Tog is die grense tussen hierdie misdade dikwels onduidelik. Hierdie knelpunt word vervolgens van nader bekyk.

### *3.1 Verskille tussen abduksie en menseroof*

Die terme *abduksie* en *menseroof* (*kidnapping*) word soms in Suid-Afrika én elders as sinonieme of wisselvorme gebruik. So byvoorbeeld skryf Maiangwa en Agbiboa “the most widely publicised *kidnapping* operation led by Boko Haram was the *abduction* of over 200 girls from Chibok.”[78] Dit is wel so dat *abduksie* en *menseroof* (*kidnapping*) in veral Engelse omgangstaal as wisselvorme dien. Boonop lys sekere woordeboeke dit ook as wisselvorme en word *abduct* omskryf as “carry off or kidnap”.[79] Uit ’n regsoogpunt is dit egter belangrik om in gedagte te hou dat die misdaad abduksie verskillende betekenisse in verskillende regstelsels het.[80]

In teenstelling met regstelsels wat menseroof en abduksie as dieselfde misdaad beskou, benader die Suid-Afrikaanse reg dit as twee afsonderlike misdrywe. Om regsekerheid te bevorder, moet *abduksie* en *menseroof* (*kidnapping*) dus baie noukeurig in Suid-Afrikaanse regspublikasies, en veral in wetgewing en regspraak, gebruik word.

Dit is ook belangrik om te onderskei tussen die strafregtelike misdade, abduksie en ontvoering aan die een kant, en kinderabduksie of kinderontvoering in privaatregtelike sin ingevolge die Haagse Konvensie oor Privaatregtelike Aspekte van Internasionale Kinderontvoering (Hague Convention on the Civil Aspects of International Child Abduction) aan die ander kant. Hierdie verdrag, wat in hoofstuk 17 van die Kinderwet 38 van 2005 vervat is, het ten doel om ouerlike kinderontvoering te bekamp. ’n Ouer verwyder ’n kind soms wederregtelik sonder die ander ouer se toestemming in stryd met die ouers se bestaande toesigooreenkoms oor die kind se land van verblyf. Die verdrag is dan van toepassing om die terugkeer van so ’n kind te bewerkstellig.[81]

Die kernverskille tussen die misdade abduksie en menseroof in die Suid-Afrikaanse reg word vervolgens ontleed.

#### *3.1.1 Benamings van die misdade*

Regspraak en literatuur oor die strafreg is oor die algemeen eenstemmig oor die benaming en elemente van abduksie in die Suid-Afrikaanse reg.[82] Daarteenoor bestaan daar steeds veelvuldige

benamings vir menseroof of ontvoering, wat spruit uit die geskiedkundige ontwikkeling van, en gebrek aan duidelikheid oor, die misdaad *plagium* in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg.[83] Die Engelse reg veroorsaak verdere verwarring deur drie afsonderlike misdade, naamlik sowel die gemeenregtelike misdade van vryheidsontneming en menseroof as die statutêre misdaad van kinderdiefstal, te bestraf.[84]

Snyman[85] onderstreep dié begripsverwarring deur die verskillende Afrikaanse benamings te lys wat in regspraak en wetgewing gebruik word vir misdade wat met *plagium* verband hou, naamlik "vryheidsberowing", "mensdiewery", "ontvoering", "kinderdiefstal", "kinderroof" en "menseroof". In *R v Lentit* (hierna *Lentit*)[86] is die oortreder byvoorbeeld aan "kinderroof" skuldig bevind, en het die hof gesê: "By ons is *menseroof, waarby kinderroof inbegrepe is*, nie 'n statutêre misdaad nie maar 'n gemeenregtelike."[87]

Daarteenoor volg skuldigbevindings aan "kinderdiefstal" in sowel *S v Gomba*[88] as *S v Blanche* (hierna *Blanche*),[89] waar die kind nege maande oud was. Volgens die hof in *Blanche* is die gepaste omskrywing vir kinderdiefstal in die geval van 'n ouer kind "unlawfully and intentionally depriving a person of liberty of movement and/or his custodians of control",[90] wat dus met die omskrywing van menseroof ooreenstem. In *S v Levy*[91] kritiseer die hof op sy beurt die onderskeid tussen kinderdiefstal en menseroof, en beslis in navolging van *Lentit* soos volg: "[I] find, therefore, that *childstealing is but a species of kidnapping* and that the prosecution is free to use either term in the case of a child."[92] Vervolgens is die oortreder in *S v Hoffman*[93] byvoorbeeld van "kinderdiefstal" aangekla, maar aan "menseroof" skuldig bevind. Boonop word menseroof soms as dieselfde misdaad as ontvoering beskou, soos in *S v F*,[94] waar die hof beslis het dat die oortreder 'n dogtertjie "ontvoer" het, en hom skuldig bevind het aan "die misdaad *ontvoering (menseroof)*".[95]

Die begripsverwarring kom selfs ook in wetgewing voor. Die wetgewer gebruik die term *menseroof* verskeie kere in artikels 18(1)(c) en 299A(e) van die Afrikaanse weergawe van die Strafproseswet 51 van 1977, asook in bylae 1, 2 (deel III) en 8 by die wet. Buiten in artikel 299A(e) noem ál bogenoemde wetsbepalings egter ook "kinderdiefstal" as 'n oënskynlik aparte misdaad van "menseroof".

### *3.1.2 Beskermde regsbelange*

'n Kernverskil tussen abduksie en menseroof is die verskillende regsbelange wat deur die onderskeie misdade beskerm word.

Abduksie beskerm ouers se regsbelange met betrekking tot hul minderjarige ongetroude kinders, wat insluit (a) die reg op die feitelike beheer en toesig oor hul minderjarige ongetroude kinders, en (b) ouers se reg om tot sulke kinders se huweliksluiting toe te stem.[96] Menseroof beskerm weer (a) alle persone se bewegingsvryheid, en (b) ouers se beheer en toesig oor hul minderjarige ongetroude kinders.[97]

### *3.1.3 Benadeelde partye*

Uit die regsbelange wat by hierdie misdade aangetas word, blyk duidelik dat die ouer, en nie die minderjarige ongetroude kind nie, die benadeelde in geval van abduksie is.[98] Daarteenoor kan enigeen wat van sy of haar bewegingsvryheid ontneem word, die benadeelde in menseroof

wees. Waar menseroof egter teen ’n ongetroude minderjarige gepleeg en die ouer boonop van beheer oor die kind ontneem word, is die ouer wél die benadeelde party.

*3.1.4 Opset*

Hoctor[99] beklemtoon dat die opsetvereistes van die twee misdade wesenlik verskil. Die oortreder by abduksie moet by die verwydering van die kind die opset hê dat iemand met die kind trou of seksueel verkeer. By menseroof moet die oortreder die opset hê om hetsy enige persoon van sy of haar bewegingsvryheid óf ’n ouer van sy of haar feitelike beheer en toesig oor ’n minderjarige kind te ontneem. Geen verdere opset om met die klaer of klaagster te trou of seksueel te verkeer is nodig by die pleging van menseroof nie.[100]

*3.1.5 Opset en duur van verwydering of ontneming*

Daarbenewens verskil die misdrywe ook in die sin dat die oortreder by abduksie die opset moet hê om die kind permanent of vir ’n wesenlike tydperk te verwyder. By menseroof word hierdie opset egter nié vereis nie. Soos reeds hier bo aangedui is,[101] bevestig regspraak dat selfs ’n tydelike ontneming van vryheid of ’n tydelike verwydering van ’n kind uit ouerlike beheer voldoende kan wees om menseroof daar te stel.[102]

Die kernverskille tussen abduksie en menseroof kan dus soos volg saamgevat word:

| | **Abduksie** | **Menseroof** |
|---|---|---|
| **Beskermde regsbelang** | Ouer se beheer oor minderjarige ongetroude kind | Enige persoon se bewegingsvryheid en/of ouer se beheer oor minderjarige ongetroude kind |
| **Benadeelde persoon** | Ouer van minderjarige ongetroude kind | a) Enige persoon wie se bewegingsvryheid ontneem is en/of<br>b) Ouer van ’n ontvoerde minderjarige ongetroude kind |
| **Handeling** | Verwyder minderjarige ongetroude kind uit ouer se beheer | a) Ontneem persoon van bewegingsvryheid en/of<br>b) Verwyder minderjarige ongetroude kind uit ouer se beheer |
| **Opset** | Om met ongetroude minderjarige kind te trou of seksueel te verkeer | a) Om ontvoerde persoon van bewegingsvryheid te ontneem en/of<br>b) Om ouer se beheer oor minderjarige ongetroude kind te skend |
| **Duur van verwydering/ontneming van bewegingsvryheid** | Opset om kind permanent of minstens vir geruime tyd te verwyder | Vereis nie opset om bewegingsvryheid of ouer se beheer vir geruime tyd te ontneem nie |

### *3.2 Oorvleueling tussen abduksie en menseroof*

Ondanks bogenoemde verskille tussen abduksie en menseroof wys Kemp[103] nietemin ook daarop dat abduksie en menseroof in sekere omstandighede kan oorvleuel. Wanneer 'n minderjarige ongetroude kind byvoorbeeld nié tot sy of haar onregmatige vryheidsontneming toestem nie, pleeg die oortreder menseroof. Indien hierdie ontneming egter gepaardgaan met die verwydering van die kind uit die ouer se beheer met die spesifieke opset om met die kind te trou of seksueel te verkeer, kan dit ook tot 'n skuldigbevinding aan abduksie lei.

### *3.3 Onsekerheid oor abduksie en menseroof in regspraak*

Hoewel die howe meestal duidelik tussen die misdade abduksie en menseroof onderskei, is daar ook uitsprake wat minder duidelik en selfs verwarrend is.

In *S v Dladla*[104] verwys die kopstuk van die saak byvoorbeeld na sowel "abduksie" as "menseroof". Die appellante in dié aangeleentheid was deel van 'n groep wat soos volg opgetree het:

> … *abducted* the complainant, a 14-year-old girl, while she was walking home after a party. They bundled her into a kombitype vehicle and took her to a place where they gangraped her and brutally assaulted her. They were convicted in a regional court of *kidnapping* and rape and were sentenced to life imprisonment …[105]

Die getuienis voor die hof het die pleging van *menseroof* bevestig deurdat die meisie teen haar sin van haar bewegingsvryheid ontneem is. Die hof se uitspraak verwys egter ook na *abduksie*: "The vehicle took off with the *abducted* young girl inside."[106] Aangesien die oortreder aan menseroof skuldig bevind is, en nie aan abduksie nie, sou dit meer gepas gewees het om na die "kidnapped young girl" te verwys.

In *S v Killian*[107] was die verwarring tussen die twee misdrywe selfs meer problematies. Die appellant het 'n minderjarige ongetroude kind wederregtelik en opsetlik uit haar ouers se beheer verwyder met die opset om met haar te trou of seksueel te verkeer. In die uitspraak verwar die hof egter die misdade abduksie en ontvoering (menseroof), en gebruik dit as wisselvorme asof dit dieselfde misdaad is: "Appellant is skuldig bevind aan *ontvoering (abduksie)*, en appelleer."[108] Regter Vos het in dié trant voortgegaan:

> *[O]ntvoering* is die wederregtelike verwydering van 'n minderjarige uit die beheer van sy of haar voog met die opset om op die voog se *potestas* inbreuk te maak en om iemand in staat te stel om *met haar te trou of seksomgang te hê … Abduksie* is nie seduksie nie. (*Hunt, supra*, bl. 549.) Dus waar 'n minderjarige maagd, bv., vir die aand, met die voog se toestemming, uit die *potestas* geneem word en seksomgang plaasvind, maar sy weer teen slaaptyd teruggebring word, is dit seduksie en nie abduksie nie. Dit sou egter *ontvoering* wees as die verwydering opsetlik teen die wil van die vog [*sic*] plaasvind, want dan word die *potestas* aangetas.[109]

In bostaande aanhaling begin die hof deur die misdaad "ontvoering" te omskryf. Tog bevat die omskrywing nie die misdaadelemente van ontvoering of menseroof nie, maar van abduksie. Menseroof word dus met abduksie verwar, en geen duidelike onderskeid word tussen die twee misdade getref nie.

In *S v Wellem*[110] was daar weer geen sprake van abduksie nie, maar dui die feite van die saak duidelik op menseroof (ontvoering). In dié aangeleentheid het die Suid-Afrikaanse polisie die grens na die destydse Ciskei oorgesteek en verdagtes van daar af teruggebring in verband met 'n moord wat in Suid-Afrika gepleeg is. Die beamptes se optrede was strydig met die bepalings van die Wet op Uitlewering 67 van 1962.[111] Die hof bevind dan soos volg:

> [I] therefore find that the handing over and removal to South Africa of the accused by the Ciskeian and South African Police officials amounted to an unlawful *kidnapping or abduction* of the accused.[112]

Daar was geen getuienis voor die hof dat die polisiebeamptes abduksie gepleeg het met die opset om met die verdagtes te trou of seksueel te verkeer nie. Dit is dus onduidelik waarom die hof die beamptes se optrede as menseroof *of abduksie*[113] beskryf, terwyl die misdaadelemente van abduksie geensins bewys is nie.

## 4. Onderskeid tussen mensehandel en die misdrywe abduksie en menseroof

Noudat die oorvleueling, verskille en vermenging van abduksie en menseroof uitgewys is, word die verband en verskille tussen hierdie twee misdade en mensehandel vervolgens verken.

### *4.1 Verdraggebaseerde misdaad*

Soos wat hier bo aangedui is,[114] is mensehandel minder as twee dekades gelede as 'n verdraggebaseerde statutêre misdaad geskep om aan Suid-Afrika se verpligtinge ingevolge die Mensehandelprotokol te voldoen. Abduksie en menseroof het egter hul oorsprong in die gemenereg.

### *4.2 Statutêre teenoor gemeenregtelike misdade*

Omdat mensehandel 'n statutêre misdaad en abduksie en menseroof gevestigde gemeenregtelike misdade is, verskil die aard van laasgenoemde twee van mensehandel. Die drie misdade is dus aparte, onafhanklike misdrywe en word ook so in regspraak bevestig. In *S v Obi*[115] het die meesterhandelaar byvoorbeeld sy slagoffers vir seksuele uitbuiting verhandel en hul boonop vir tot 'n jaar in sy bordeel opgesluit. Die hof het hom aan sowel mensehandel as menseroof skuldig bevind. In *S v Tazley Msweli*[116] het twee vroue, wat hulle onderskeidelik as 'n maatskaplike werker en onderwyseres voorgedoen het, aangebied om buite 'n winkel na 'n baba om te sien terwyl die niksvermoedende ma gou vir haar kind gaan kos koop het. Die vroue het egter met die baba verdwyn en die kind dus sonder die ma se toestemming uit haar beheer verwyder. Hulle het daarna 'n ouerlose egpaar mislei dat hulle die baba in ruil vir 'n sogenaamde administrasiefooi van R2 500 en 'n lugversorger kon "aanneem". Ook in hierdie saak is die oortreders aan sowel menseroof as mensehandel skuldig bevind.

'n Ontleding van die Wet op Mensehandel, wat die misdaad mensehandel breedvoerig omskryf, bring heelwat verdere verskille tussen mensehandel en die twee gemeenregtelike misdade aan die lig, soos die volgende paragrawe toon.

*4.2.1 Begripsomskrywings, en doelwitte van die wet*

Hoofstuk 1 van die Wet op Mensehandel bevorder regsekerheid deur sekere frases en begrippe wat in die wet gebruik word, te omskryf. Die verduideliking van begrippe soos "misbruik van kwesbaarheid",[117] "skuldknegskap", "dwangarbeid", "onmiddellike familielid", "serwituut", "slawerny" en "slagoffer van mensehandel" is veral nuttig. Daar bestaan geen soortgelyke statutêre omskrywings van die misdaadelemente van abduksie en menseroof nie.

Boonop word die doelwitte van die Wet op Mensehandel ook duidelik uiteengesit. Die wet beoog naamlik eerstens om aan Suid-Afrika se verpligtinge ingevolge die Mensehandelprotokol en ander internasionale verdrae te voldoen. Ander kerndoelwitte is om aan internasionale standaarde vir die voorkoming en suksesvolle vervolging van mensehandel te voldoen, en om slagoffers te beskerm en by te staan.

*4.2.2 Misdade, strafbepalings en ekstraterritoriale jurisdiksie*

Hoofstuk 2 van die Wet op Mensehandel handel oor die vervolging van oortreders. In teenstelling met abduksie en menseroof beskryf die wet die ingewikkelde mensehandelmisdaad en verbandhoudende misdrywe in fyn besonderhede, en bevat sowel gepaste strafbepalings as bepalings oor ekstraterritoriale jurisdiksie.

Die ander misdade in die wet wat met mensehandel verband hou, sluit in skuldknegskap, die knoeiery met, vernietiging van of beslaglegging op slagoffers se identiteits- of reisdokumente, die opsetlike gebruik of voordelige benutting van slagoffers se dienste, en handelinge wat mensehandel vergemaklik, soos die finansiering of organisering van die misdaad.[118] Die skepping van hierdie verbandhoudende misdade is belangrik omdat mensehandel selde uit 'n enkele misdaadhandeling bestaan, maar meestal 'n proses van misdrywe behels. Regspraak bevestig dít. Die howe het oortreders al vir velerlei ander misdade benewens mensehandel aan die pen laat ry, veral vir die verbandhoudende misdade wat die wet skep. Die handelaar in *S v Pillay*[119] is byvoorbeeld aan 33 misdade en dié in *S v Obi*[120] aan 23 misdade skuldig bevind.

Daarbenewens bevat die wet ingrypende strafmaatreëls, selfs vir die nuwe misdade verwant aan mensehandel.[121] In navolging van internasionale standaarde,[122] kan die howe by vonnisoplegging vir mensehandel 'n boete van tot R100 miljoen, of lewenslange gevangenisstraf, of sowel 'n boete as gevangenisstraf oplê.[123] Die wet se voorsiening vir sowel swaar strawwe vir mensehandel as die ander, verbandhoudende misdade in die wet,[124] strook dus met internasionale standaarde wat die oplegging van doeltreffende, eweredige en ontmoedigende strafsanksies vereis.[125]

Die howe het handelaars al in talle sake lewenslange tronkstraf[126] en dikwels verskeie lewenslange vonnisse opgelê. Buiten swaar strawwe vir ander misdade, is drie lewenslange tronkvonnisse vir kinderhandel in sowel *S v Mabuza*[127] as *S v Obi*[128] opgelê, en lewenslange gevangenisstraf plus 'n verdere 40 jaar in *S v Pillay*.[129] Elk van die twee vrouehandelaars in *S v Seleso*[130] is 19 lewenslange tronkstrawwe vir die aanlyn seksuele uitbuiting van 'n 16-jarige weeskind opgelê.[131]

Hiermee saam lys die wet ook 'n aantal kenmerkende verswarende omstandighede wat howe by vonnisoplegging in mensehandelsake in ag moet neem.[132] Dit sluit die volgende in:

(a) Die misdaad maak deel uit van georganiseerde misdaad.

So byvoorbeeld het die hof in *S v Dos Santos*[133] die volgende by vonnisoplegging in aanmerking geneem:

> [A] feature of this case is that the abuse of these young complainants (and the appellant's other victims) was the result of an elaborate and organised criminal enterprise.

(b) Die oortreder veroorsaak dat die slagoffer aan 'n afhanklikheidsvormende middel verslaaf raak.

In *S v Obi*[134] is beklemtoon dat die meesterbreinhandelaar kinders so jonk as 13 jaar nie net in sy bordeel opgesluit en seksueel uitgebuit het nie, maar hulle ook gedwing het om onwettige afhanklikheidsvormende dwelmmiddels, wat hy boonop self vervaardig het, te gebruik.[135]

> [T]he girls were paid for their prostitution by means of drugs and they got hardly any food. The brothel master took all their proceeds.[136]

Ook in *S v Dos Santos*[137] het die hof by vonnisoplegging ter verswaring beklemtoon dat die jong slagoffers gedwing is om dagga te rook en dan daagliks met verskeie mans seksueel moes verkeer, waarvoor die handelaar betaal is. Die handelaar in *S v Eke Ugochukwu*[138] het eweneens 'n kind gedwing om dwelmmiddels te gebruik sodat sy hom deur prostitusie van 'n inkomste kon voorsien.

(c) Die fisieke en sielkundige gevolge van die uitbuiting op die slagoffer.

Aronowitz[139] bevestig dat mensehandel dikwels 'n verreikende liggaamlike, sielkundige en emosionele impak op slagoffers het. Juis hierdie impak het die hof in *S v Pillay* by vonnisoplegging in ag geneem:

> The accused ravaged the complainant not only physically but he wrought untold damage on her mind and psyche.[140]

Regter Ranchod in *S v Obi*[141] het ook in ag geneem dat die jong slagoffers erg getraumatiseer is deur die fisieke en sielkundige mishandeling waaraan hulle onderwerp is.

Ekstraterritoriale jurisdiksie is uiters belangrik vir die suksesvolle vervolging van oorgrensmisdade soos mensehandel. Abduksie en menseroof kan in uitsonderlike gevalle oor landsgrense heen plaasvind, soos in *S v Wellem*,[142] waar die hof bevind het dat die polisiebeamptes die beskuldigdes onregmatig uit Ciskei na Suid-Afrika ontvoer het.[143] Mensehandelmisdade word egter baie dikwels oor nasionale grense heen gepleeg. Gevolglik vereis artikel 15 van die Konvensie teen Transnasionale Georganiseerde Misdaad én sy Mensehandelprotokol nie net dat partye by hierdie instrumente mensehandel en verbandhoudende misdade kriminaliseer nie, maar ook territoriale jurisdiksie uitbrei.[144] Die Wet op Mensehandel voldoen hieraan deur in sekere omstandighede aan Suid-Afrikaanse howe ekstraterritoriale jurisdiksie te verleen, soos wanneer mensehandelmisdade buite die Republiek se grense deur of teen Suid-Afrikaanse burgers gepleeg is.[145]

*4.2.3 Regsplig om die misdaad aan te meld*

'n Verdere duidelike verskil tussen die betrokke misdade is die plig om die mensehandel by die polisie aan te meld. Hoewel daar geen aanmeldingsplig by abduksie en menseroof is nie, is die benadering ten opsigte van mensehandel anders. Die tydige identifisering van slagoffers is van die allergrootste belang "to ensure that victims receive the assistance they are entitled to, as well as for the effective prosecution of the crime".[146]

Die aanmeldingsplig ten opsigte van kinderslagoffers is omvattend: Nie net bepaalde persone nie, maar alle persone wat weet, redelikerwys behoort te weet of selfs net vermoed dat 'n kind 'n slagoffer van mensehandel is, moet dit onmiddellik vir verdere ondersoek by die polisie aanmeld.[147] Versuim om dié plig na te kom is strafbaar met gevangenisstraf van tot vyf jaar.[148] Die aanmeldingsplig ten opsigte van volwasse slagoffers is beperk tot persone wat in die uitvoering van hul pligte met die slagoffer in aanraking kom. Dít sluit byvoorbeeld maatskaplike werkers, immigrasie- en polisiebeamptes, dokters, en ander in. Versuim om hierdie plig na te kom is eweneens 'n misdryf.[149]

Die verdere verskille wat hier onder bespreek word, het betrekking op die slagoffers van mensehandel. In teenstelling met abduksie en menseroof, maak die Wet op Mensehandel uitvoerig voorsiening vir die beskerming van, en die verskaffing van verskeie dienste aan, slagoffers van mensehandel.

*4.2.4 Verskaffing van dienste aan slagoffers*

Ingevolge die Wet op Mensehandel is die beskermingsmaatreëls in die Kinderwet 38 van 2005 van toepassing op alle kinderslagoffers van mensehandel.[150] Nadat daar by 'n polisiebeampte aangemeld is dat 'n kind 'n slagoffer of moontlike slagoffer is, moet die beampte ingevolge artikel 110(4) van die Kinderwet die kind se veiligheid en welstand verseker.[151] Die Kinderwet beskerm kinders verder deur voorsiening daarvoor te maak dat die kind na 'n aangewese maatskaplike werker verwys word om vas te stel of die kind 'n slagoffer van mensehandel is, na 'n tydelike plek van veiligheid verwyder moet word, of sorg en beskerming vereis, sodat die nodige dienste verskaf kan word.[152]

Daar is ook spesifieke beskerming en dienste vir volwasse slagoffers.[153] Nadat daar by 'n polisiebeampte aangemeld is dat 'n volwasse persoon 'n slagoffer of moontlike slagoffer van mensehandel is, moet die beampte die persoon binne 24 uur vir die nodige ondersoek na 'n geakkrediteerde organisasie en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verwys.[154] Indien die volwassene wél 'n slagoffer van mensehandel blyk te wees, word 'n brief van erkenning uitgereik wat die slagoffer toegang tot 'n omvattende steunprogram by 'n geakkrediteerde organisasie bied.[155]

*4.2.5 Tydelike verblyfpermitte en vrywaring van deportasie vir buitelandse slagoffers*

Anders as by abduksie en menseroof, maak die Wet op Mensehandel spesifiek voorsiening vir die beskerming van buitelandse slagoffers van mensehandel. Hierdie beskerming is nodig omdat buitelandse slagoffers uit die aard van die saak ver van hul land van herkoms, familie, vriende en bekende hulpbronne is.

Volgens internasionale riglyne behoort hierdie slagoffers 'n herstel-en-besinningstydperk van minstens 90 dae gegun te word in die land waarheen hulle weens mensehandel weggevoer is.[156] Artikel 15(1) van die Wet op Mensehandel maak voorsiening vir so 'n tydelike verblyfpermit van drie maande sodat hierdie slagoffers 'n deurdagte besluit oor hul veiligheid, welstand en hul samewerking met die polisie en vervolgingsgesag kan neem. Boonop word sodanige buitelanders beskerm teen deportasie totdat hul aansoek om die tydelike verblyfpermit afgehandel is.[157]

Benewens die tydelike verblyfpermit kan vreemdelingslagoffers wat instem om met die polisie en vervolgingsgesag saam te werk ingevolge artikel 16 'n verdere tydelike verblyfpermit bekom. In ooreenstemming met internasionale standaarde[158] magtig artikel 16 hierdie slagoffers wat vir die suksesvolle vervolging in 'n mensehandelsaak benodig word, om in Suid-Afrika aan te bly, selfs al is hulle onwettig in die land.

Die slagoffers in mensehandelsake is weliswaar dikwels buitelanders: In *S v Dos Santos*[159] en *S v Mabuza*[160] is slagoffers vir seksuele uitbuiting van Mosambiek na Suid-Afrika gebring; in *S v Fabiao*[161]was die slagoffer van Zimbabwe, en in *S v Seleso* van Lesotho.[162] Die tydelike permitte ingevolge die wet is dus belangrik om buitelandse slagoffers, en hul grondwetlike reg op sowel waardigheid as vryheid en sekerheid van die persoon, te beskerm. Nogtans is dit kommerwekkend dat artikels 15 en 16 van die Wet op Mensehandel nog nie in werking getree het nie, al is die wet reeds in 2015 uitgevaardig.[163] Hoewel die wet dus wel op papier vir hierdie beskerming voorsiening maak, is dit steeds nie in die praktyk vir slagoffers beskikbaar nie.

*4.2.6 Beskerming teen strafregtelike vervolging van slagoffers*

Verhandelde persone word soms as oortreders beskou, en word selfs skuldig bevind aan verskeie misdade wat gedurende die mensehandelproses gepleeg is.[164] Volgens Rodríguez-López[165] en Zabyelina[166] val hierdie misdade onder drie kategorieë. Die eerste is statusmisdade, soos die oortreding van immigrasiewetgewing, veral as gevolg van die onwettige oorsteek van nasionale grense. Die tweede kategorie het betrekking op misdade wat die direkte gevolg is van die slagoffer se uitbuiting vir byvoorbeeld werk of seksuele dienste, asook vir diefstal of dwelmverwante misdade, waar hulle soms as dwelmkoeriers misbruik word. Die derde kategorie is "bevrydingsmisdade", waar die slagoffers teen hul handelaars misdade pleeg om hulself te probeer bevry. Onder hierdie kategorie val ook sogenaamde misdade as deel van die "mishandelingskringloop", wanneer slagoffers geen ander uitweg het as om as medepligtiges met hul handelaars saam te werk en ander uit te buit of handelaars te help om misdade te pleeg nie.[167]

Die Wet op Mensehandel verskaf waardevolle beskerming vir slagoffers teen strafregtelike vervolging in sekere omstandighede. Slagoffers verkry nie algehele vrywaring teen vervolging nie, maar wel beskerming teen vervolging van mensehandelverwante misdrywe wat gepleeg is as 'n direkte gevolg daarvan dat hulle mensehandelslagoffers is.[168] Hierdie vrywaring teen vervolging bevorder 'n menseregte- en slagoffergerigte benadering in die bekamping van mensehandel.[169]

*4.2.7 Ongemagtigde toegang tot en openbaring van inligting*

Ná bevryding uit mensehandel vrees die meeste slagoffers steeds dat hul handelaars hulle weer sal opspoor, straf en verder uitbuit.[170] In *S v Pillay* het die hof bevestig dat die klaagster hierdie

vrees intens ervaar: "This is evident in her recurring nightmares that the accused would return to take her away …"[171] Die wet bied beskerming hierteen deur 'n verbod in te stel op ongemagtigde toegang tot slagoffers en op die openbaarmaking van sekere inligting wat daartoe kan lei dat die slagoffers se identiteit of blyplek bekend gemaak word.[172]

*4.2.8 Vergoeding aan slagoffers*

Die mensehandelmisdaad het gewoonlik ingrypende en selfs blywende gevolge vir slagoffers. Die hof kan ingevolge artikel 300 van die Strafproseswet 51 van 1977 vergoeding aan slagoffers van enige misdaad toeken waar hulle as gevolg van die misdryf skade aan of verlies van goed gely het.[173] Hierdie hofbevel teen die veroordeelde persoon het dieselfde uitwerking as 'n siviele bevel.[174]

Die probleem is egter dat slagoffers van mensehandel meestal veel meer as finansiële skade ly.[175] In *S v Obi*[176] het die hof bevind dat die jong slagoffers as gevolg van fisieke, geestelike en sielkundige mishandeling erge trauma verduur het. Die Wet op Mensehandel maak hiervoor voorsiening. Benewens enige ander vonnis wat die hof kan oplê, kan die veroordeelde persoon ook beveel word om gepaste vergoeding aan die mensehandelslagoffer te betaal, nie net vir eiendomskade as gevolg van die mensehandelmisdaad nie, maar ook vir (a) fisieke, sielkundige of ander leed, (b) infeksie met 'n lewensgevaarlike siekte, of (c) verlies aan inkomste.[177] Hierdie vergoeding vir verlies, skade en leed is dus veel omvattender as waarvoor die Strafproseswet voorsiening maak.

*4.2.9 Terugkeer en repatriasie van mensehandelslagoffers*

Soos wat die aangehaalde *Dos Santos*-, *Mabuza*-, *Fabiao*- en *Seleso*-sake hier bo toon,[178] word buitelanders dikwels oor landsgrense heen verhandel met Suid-Afrika as eindbestemming. Hierdie slagoffers wil dikwels na hul land van herkoms terugkeer, maar hul repatriasie kan lewensgevaarlik wees, en hou veral ook die risiko in dat hulle weer in handelaars se kloue kan beland.[179]

Ook hierteen bied die Wet op Mensehandel beskerming deur voorsiening te maak vir gestruktureerde repatriasieprosedures wat buitelandse slagoffers se veiligheid gedurende die repatriasieproses én in die land waarheen hulle gerepatrieer word, in ag neem.[180] Dieselfde voorsiening geld ook vir Suid-Afrikaanse slagoffers wat in ander lande beland het en na Suid-Afrika gerepatrieer word.[181] Waar persone binne Suid-Afrikaanse grense verhandel is, geskied hul terugkeer na die plek van waar hulle verhandel is eweneens met inagneming van die moontlikheid dat hulle benadeel, vermoor of weer verhandel kan word.[182]

***4.3 Regsonsekerheid oor mensehandel en die misdade abduksie en menseroof***

Met die eerste oogopslag lyk die onderskeid tussen die statutêre mensehandelmisdaad en die gemeenregtelike misdade abduksie en menseroof klinkklaar. Wanneer 'n mens dit egter van nader bekyk, kom sekere wesenlike onduidelikhede aan die lig.

*4.3.1 Insluiting van abduksie en menseroof by die omskrywing van mensehandel*

Die omskrywing van mensehandel in artikel 4(1) van die Wet op Mensehandel blyk met sowel abduksie as menseroof verbind te wees. Abduksie, maar nie menseroof nie, verskyn in die

Mensehandelprotokol as een van die onregmatige metodes in die misdaadomskrywing van mensehandel.[183] Die Wet op Mensehandel, wat op die minimum standaarde van die Mensehandelprotokol geskoei is, is egter omvattender en sluit nie net abduksie nie, maar ook menseroof (*kidnapping*) as onregmatige metodes in.[184] Die insluiting van die twee onafhanklike misdade by die omskrywing van mensehandel skep 'n eiesoortige verband wat die onderskeid tussen die drie misdade kan vertroebel.

*4.3.2 Abduksie, menseroof, mensehandel en die* ukuthwala*-gebruik*

Verdraaide vorme van die Nguni-tradisie van *ukuthwala* kan boonop met abduksie, menseroof en mensehandel vervleg wees. Ukuthwala is 'n kulturele gebruik wat by die Xhosabevolking ontstaan het, maar ook deur ander Nguni-volke in Suid-Afrika beoefen word.[185] Daar is verskillende vorme van en redes vir dié praktyk.[186] In sy tradisionele vorm word ukuthwala as 'n romantiese spel beskou – 'n "innocuous, romantic and a charming age old custom".[187] Vir die ukuthwalaplegtigheid reël 'n paartjie, wat albei vooraf instem om met mekaar te trou, 'n kamma- of kultureel erkende ontvoering van die toekomstige bruid om huweliksonderhandelinge tussen hul onderskeie ouers te bespoedig.[188] Dwang, aanranding of seksuele misbruik is nie deel van die plegtigheid nie.[189]

Ukuthwala vind vóór die *lobolo*-onderhandelinge[190] en die gewoonteregtelike huwelik plaas. Die ukuthwalaplegtigheid is dus nie dieselfde as die sluiting van 'n huwelik nie. *Ukuthwala* verwys ook nie na 'n gedwonge kinderhuwelik nie:[191] Volgens Mtshali[192] word die Zoeloegebruik vir 'n gedwonge kinderhuwelik, genaamd *ukuganisela,* voltrek deurdat die ouers besluit wie die kind se eggenoot sal wees sonder dat die kind enige seggenskap het.

Ongelukkig word ukuthwala ál hoe meer misbruik, en beskou as "a cloak for the commission of violent acts of assault, abduction and rape of not only women but also children as young as 11 years old, by older men".[193] Tog dui 'n UNODC-verslag aan dat kulturele praktyke en sienings 'n rol speel om te bepaal wat as uitbuiting beskou word in spesifieke gemeenskappe.[194] Die vraag is nou of ukuthwala, hetsy in sy tradisionele of verwronge vorm, op abduksie, menseroof en/of mensehandel neerkom. Die antwoord lê grootliks in die feite van elke saak opgesluit.

Eerstens is die verdraaide vorm van ukuthwala reeds in 1908 in *Ncedani v Rex*[195] verwerp en is die beskuldigde aan abduksie van 'n minderjarige ongetroude vrou skuldig bevind. Die saak het gespruit uit die beoefening van 'n verwronge vorm van ukuthwala waartydens die beskuldigde "forcibly removed her [die minderjarige dogter] from the custody of her lawful guardian without his consent and against her will, for the purpose of compelling her to marry another".[196] Soos Jokani, Knoetze en Erasmus[197] tereg aantoon, word abduksie egter nie gepleeg waar 'n ouer of voog goedkeurend betrokke by die ukuthwalagebruik is nie, omdat dan aangeneem word dat hul toestemming verkry is om die kind uit hul beheer te neem. Die Kaapse Hooggeregshof het in sowel *S v Jezile* (2015) as *S v Gudwana* (2020) beslis dat die verwronge vorm van die ukuthwalatradisie, wat abduksie en verkragting toelaat, nie as deel van ons reg erken word nie.[198] In hierdie sake is die elemente van mensehandel en verkragting bewys, en is die beskuldigdes dus aan hierdie misdade skuldig bevind.

Tweedens, benewens abduksie is 'n skuldigbevinding aan menseroof na aanleiding van 'n ukuthwalaplegtigheid ook moontlik indien die elemente van menseroof bewys is. Dit is moontlik waar die klaer of klaagster nie tot sy of haar onregmatige vryheidsontneming toestem nie, of

as ’n minderjarige ongetroude kind sonder ouerlike toestemming uit die ouer se beheer verwyder word.[199] Ukuthwala kan dus op ’n skuldigbevinding aan abduksie en/of menseroof uitloop.

Derdens het die hof in *S v Jezile*[200] na aanleiding van ’n beweerde ukuthwalaplegtigheid die beskuldigde aan mensehandel skuldig bevind. Die feite van dié saak[201] is kortliks soos volg: Die 28-jarige Nvumeleni Jezile het van Kaapstad na die Oos-Kaap gereis om ’n vrou te soek. Hy het ’n 14-jarige laerskooldogter opgemerk en besluit om met die onbekende kind te trou. Hy en sy familie het sonder haar medewete lobolo van R8 000 vir haar beding en haar daarna gedwing om aan die ukuthwalatradisie deel te neem.[202] Hoewel geen tradisionele huwelik plaasgevind het nie, het Jezile haar as sy “vrou” beskou, en moes sy huishoudelike take verrig. Die ontstelde klaagster het twee keer van Jezile probeer wegvlug, maar is telkens gevang en gedwing om na hom terug te keer.[203] Hierna het hy haar teen haar sin na Kaapstad geneem, waar hy haar in die huis opgesluit, aangerand en verskeie kere verkrag het.[204] Uiteindelik het sy daarin geslaag om te ontsnap en die saak by die polisie aangemeld.[205] Jezile is ingevolge die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007 aan verkragting, aanranding en mensehandel vir seksuele uitbuiting skuldig bevind.

In appèl het hy sy grondwetlike reg op die beoefening van sy kultuur en die ukuthwalatradisie as verweer[206] geopper. Die deskundige getuienis het egter duidelik tussen die tradisionele en verwronge vorme van ukuthwala onderskei. Jezile se verweer kon dus nie slaag nie, omdat daar nie aan die vereistes van tradisionele ukuthwala voldoen is nie: Die klaagster was te jonk; lobolo is voor die ukuthwalaplegtigheid betaal, en die klaagster het nie tot die ukuthwala-gebruik ingestem nie.[207] Boonop het die misdade eers ná die beweerde ukuthwalaplegtigheid plaasgevind. In ’n verdere poging om hom te verweer, het die appellant ook op ’n verwronge vorm van ukuthwala gesteun wat gedwonge seksuele dade goedkeur.[208] Die hof het egter bevind dat hierdie vorm van die kulturele tradisie, wat die kind se grondwetlike regte skend, nie as verweer kan slaag nie, en nie as deel van die Suid-Afrikaanse reg erken word nie.[209]

Die hof het voorts opgemerk dat die saak nie soseer oor die ukuthwalatradisie handel nie, maar oor of die appellant skuldig is aan mensehandel en ander misdade. Die elemente van mense-handel vir seksuele uitbuiting is bewys deurdat die appellant die klaagster na Kaapstad vervoer het (die handelingselement) met die doel om haar seksueel uit te buit. Derhalwe is die skuldig-bevindings aan mensehandel in appèl gehandhaaf.[210]

Volgens Jokani, Knoetze en Erasmus is die ukuthwalapraktyk “a crime, … illegal and harmful and as such has no place in a modern constitutional democracy”.[211] Tog moet gewaak word teen die veralgemening dat die ukuthwalatradisie in alle vorme op mensehandel neerkom.

> It remains of overriding importance to differentiate between *ukuthwala* in its traditional form and the harmful and “irregular” practice taking place within South African society.[212]

Ukuthwala op sigself word nie in die Suid-Afrikaanse reg as ’n misdaad erken nie.[213] Die kernvraag in elke saak waar ukuthwala beoefen is, is steeds of die elemente van ’n misdaad bewys is. Soos wat hier bo aangedui is, is skuldigbevindings aan abduksie, menseroof en mensehandel na aanleiding van ukuthwala moontlik. Daarbenewens het die hof reeds in 1916 in *R v Swaartbooi*[214] die beskuldigdes skuldig bevind aan aanranding nadat die gewelddadige vorm van ukuthwala beoefen en die klaagster onder dwang gegryp, aangerand en weggeneem is. In 1948 het die hof in *S v Mane*[215] die beskuldigde aan verkragting skuldig bevind nadat die

klaagster gedwing is om aan die ukuthwalaplegtigheid deel te neem en as deel daarvan verkrag is. Die beoefening van die verwronge, gewelddadige vorm van ukuthwala het ook sedert die aanbreek van die nuwe grondwetlike bedeling in 1994 op skuldigbevindings aan verkragting uitgeloop, soos in *Ntlahla v S* (1998)[216] asook in *S v Jezile* (2015) en *S v Gudwana* (2020).[217]

Uit bogenoemde regspraak blyk dit dat waar die oorspronklike ukuthwalatradisie misbruik is en die elemente van abduksie, menseroof, mensehandel en selfs aanranding en verkragting bewys is, die howe oor die jare reeds talle oortreders aan hierdie misdade skuldig bevind het. Nogtans kon geen sodanige skuldigbevindings opgespoor word waar die oorspronklike ukuthwalatradisie gebruik is nie – dit wil sê waar albei verhoudingsmaats vooraf ingestem het om met mekaar te trou en die toekomstige bruid nie gedurende die plegtigheid aangerand, teen haar sin weggevoer of verkrag is nie.

Kortom, regspraak bevestig dat 'n verweer gebaseer op die gewelddadige en verwronge vorm van die ukuthwalatradisie nie kan slaag waar die elemente van misdade, waaronder abduksie, menseroof en mensehandel, bewys is nie.

## 5. Aanbevelings

Die toepassing van die beginsel van regsekerheid in die strafreg behels die volgende:

> [L]egislation must define clearly offences and the penalties which they attract. That requirement is satisfied where the individual concerned is able, on the basis of the wording of the relevant provision and, if need be, with the help of the interpretative guidance given by the courts, to know which acts or omissions will make him criminally liable.[218]

In die lig van die aantal onsekerhede met betrekking tot abduksie, menseroof en mensehandel wat hier bo uitgelig is, word die volgende aanbevelings ter wille van groter regsekerheid gedoen.

Eerstens word aanbeveel dat regsekerheid versterk word deur die erkende misdaadomskrywings in die strafreg suiwer in regspleging toe te pas. Soos wat hier bo aangedui is,[219] onderskei regspraak nie altyd duidelik tussen abduksie en menseroof nie. So byvoorbeeld is dié twee misdade in *S v Killian*[220] oënskynlik as dieselfde misdryf beskou. Boonop bevat die hof se omskrywing van ontvoering nie die misdaadelemente van *ontvoering* nie, maar van *abduksie*.[221] Dít was ook die geval in *S v Wellem*,[222] waar die oortreders aan "unlawful kidnapping or abduction" skuldig bevind is.[223] Terwyl die skuldigbevinding aan ontvoering geregverdig was (die veroordeelde polisiebeamptes het die klaers van hul bewegingsvryheid ontneem deur hulle as verdagtes in 'n moordsaak na Suid-Afrika te bring), is die byvoeging van "or abduction" onverklaarbaar. Daar was immers geen bewyse dat die polisiebeamptes die opset gehad het om met die klaers te trou of seksueel met hulle te verkeer nie. Hierdie verwarrende vermenging van *menseroof* en *abduksie* belemmer regsekerheid. Dit kon voorkom gewees het deur die korrekte misdaadomskrywings van abduksie en menseroof in regspleging toe te pas.

'n Tweede aspek wat regsekerheid ondermyn, is die aansienlike begripsverwarring as gevolg van die verskillende Afrikaanse benamings vir die misdaad menseroof in sowel regspraak as

wetgewing.[224] De Wet en Snyman kritiseer tereg die term *kinderdiefstal* (of *kinderroof*), omdat ’n kind nie ’n roerende liggaamlike saak is nie, en dus nie die voorwerp van diefstal kan wees nie.[225] Hierdie kritiek geld egter eweseer vir die term *menseroof*, wat albei bogenoemde skrywers wel gebruik. Hierteenoor word die term *ontvoering* ook in artikel 195(1)(f) van die Strafproseswet 51 van 1977 gebruik. Dit is ongetwyfeld problematies dat die Strafproseswet steeds drie verskillende terme, naamlik *kinderdiefstal*, *menseroof* en *ontvoering* vir dieselfde misdaad gebruik. In die lig van bostaande bespreking word daar aan die hand gedoen dat die term *ontvoering* ’n meer gepaste Afrikaanse benaming vir die misdaad is en derhalwe aanbeveel dat dít vir die betrokke misdaad gebruik word. Daadwerklike stappe, soos dat die Regshervormingskommissie die aangeleentheid ondersoek met die oog op wetswysiging, is dus nodig sodat regsekerheid so gou moontlik bewerkstellig word.

Derdens heers daar steeds onsekerheid oor die elemente van kinderhandel in die Wet op Mensehandel.[226] Artikel 3(c) van die Mensehandelprotokol bepaal uitdruklik dat dit in geval van kinderhandel nie nodig is om enige onregmatige metode te bewys om mensehandel daar te stel nie.[227] Artikel 233 van die Grondwet vereis verder dat ons howe by die uitleg van wetgewing voorkeur moet gee aan ’n uitleg wat bestaanbaar is met die volkereg, in hierdie geval die bepalings van die Mensehandelprotokol. Die beste vertolking van die elemente van kinderhandel is dus om die internasionale standaard na te volg, naamlik dat die metode-element nie by kinderhandel vereis word nie, maar slegs die handelingselement en die doel om die slagoffer uit te buit.[228] In ooreenstemming met die UNODC se riglyne in die *Model Legislative Provisions against Trafficking in Persons* van 2020[229] word daar dus aanbeveel dat ’n omskrywing van kinderhandel wat met artikel 3(c) van die Mensehandelprotokol ooreenstem, by die Wet op Mensehandel ingevoeg word om die elemente van kinderhandel onomwonde uit te spel en enige onsekerheid uit die weg te ruim.

Vierdens word ’n duidelike onderskeid tussen mensehandel en die gemeenregtelike misdade abduksie en menseroof moontlik daardeur bemoeilik dat die Wet op Mensehandel albei laasgenoemde misdade as onwettige metodes by die misdaadomskrywing van mensehandel in artikel 4(1) insluit. Soos reeds hier bo vermeld, bestaan die mensehandelmisdaad uit drie hoofdele, naamlik die pleeg van ’n verbode handeling (aksie) deur middel van een van die gelyste onregmatige wyses (metode) met die doel om die slagoffer uit te buit (doel/opset). Die volgende illustrasie toon dat artikel 4(1) van die wet beide abduksie en menseroof insluit by die lys van onwettige metodes wat die oortreder kan gebruik om die onregmatige handeling te pleeg:[230]




Hierdie insluiting skep 'n unieke verband tussen die drie misdade, maar beteken nie dat die misdrywe vermeng of saamgevoeg word nie. Daar word aanbeveel dat verwarring tussen *mensehandel* en die misdade *abduksie* en *menseroof* voorkom kan word deur duidelik te begryp dat abduksie en menseroof slegs as onregmatige *metodes* gebruik kan word om die handeling van mensehandel te pleeg.

Laastens kan gewelddadige praktyke gedurende die beoefening van ukuthwala soms op abduksie, menseroof en mensehandel neerkom. Regspraak met betrekking tot die verwronge vorme van ukuthwala en dié drie misdade het reeds sommige van die onduidelikhede opgeklaar. So byvoorbeeld is beslis dat 'n verweer wat op verdraaide vorme van ukuthwala staatmaak, nie kan slaag waar die elemente van abduksie, menseroof en mensehandel bewys word nie. Skuldigbevindings aan bewese misdade is dus geregverdig ingeval "*ukuthwala* was abused to justify patently offensive behaviour such as rape, violence and similar criminal conduct under the guise of *ukuthwala*".[231] Nietemin is daar steeds onsekerheid oor die regsposisie wanneer die oorspronklike ukuthwalatradisie beoefen word en of dit ook grondwetlike regte skend. Daarom word daar ten slotte aanbeveel dat die Regshervormings-kommissie hul ondersoek na die ukuthwalagebruik[232] afhandel sodat hulle verslag en bevindinge so spoedig moontlik aan die parlement voorlê kan word.

## 6. Samevatting

Hierdie bydrae het verbande, verskille, oorvleueling en onduidelikheid tussen abduksie, menseroof en mensehandel ondersoek en uitgewys, en beklemtoon hoe die drie misdade soms verstrengel en verwar word. Dit is so dat abduksie en menseroof in sekere omstandighede kan oorvleuel. Boonop bestaan daar 'n unieke verband tussen mensehandel en die misdade

abduksie en menseroof deurdat laasgenoemde twee deel uitmaak van die omskrywing van mensehandel in die Wet op Mensehandel. Nogtans erken die Suid-Afrikaanse reg die drie misdade as aparte, onafhanklike misdrywe, elk met sy eie, unieke aard en misdaadomskrywing. Elk het ook sy eie doel en beskerm verskillende regsbelange.

Daarom is die onduidelikheid in wetgewing en regspraak in verband met die drie misdrywe kommerwekkend. Dit kniehalter regsekerheid en belemmer die suiwer toepassing van die reg. Die aanbevelings hier bo is daarop gerig om die misdade noukeuriger af te baken en sodoende die strewe na deursigtigheid, voorspelbaarheid en billikheid in regspleging te ondersteun.

## Erkenning

Ek bedank graag vir prof. Loot Pretorius, navorsingsgenoot by die Vrystaatse Sentrum vir Menseregte, Universiteit van die Vrystaat, vir sy kommentaar op vorige konsepte van hierdie bydrae.

## Bibliografie

Aronowitz, A. 2015. *Victims of human trafficking: A complex issue*. Bogotá: Sentrum vir Internasionale Studie, Universiteit van die Andes.

Boezaart, T. (red.). 2009. *Child law in South Africa*. Claremont: Juta.

—. 2017. *Child law in South Africa*. 2de uitgawe. Claremont: Juta.

Burchell, J. 2016. *Principles of criminal law*. 5de uitgawe. Claremont: Juta.

De Wet, J.C. 1985. *De Wet en Swanepoel Strafreg*. 4de uitgawe. Durban: Butterworths.

Du Toit, C. 2017. The Hague Convention on the Civil Aspects of International Child Abduction. In Boezaart (red.) 2017.

Fenwick, M. en S. Wrbka (reds.). 2016. *Legal certainty in a contemporary context: Private and criminal law perspectives*. Singapoer: Springer.

Germaner, S. 2020. Sexually trafficked orphan fled after “losing trust” in police – but abusers jailed. *Sunday Times*, 9 Februarie. https://www.timeslive.co.za/sunday-times/news/2020-02-09-sexually-trafficked-orphan-fled-after-losing-trust-in-police-but-abusers-jailed (1 April 2020 geraadpleeg).

Hoctor, V.H. 2013. *Criminal law in South Africa*. Alphen aan den Rijn: Kluwer Law International.

IOM (Internasionale Organisasie vir Migrasie). 2021. *Global synthetic dataset on human trafficking (CTDC)*. https://www.iom.int/news/iom-microsoft-collaboration-enables-release-

largest-public-dataset-bolster-fight-against-human-trafficking (28 September 2021 geraadpleeg).

Jokani, M., E. Knoetze en D. Erasmus. 2018. A criminal law response to the harmful practices of *ukuthwala. Obiter*, 39(3):747–67.

Jordan, A.D. 2002. *Annotated guide to the new UN Trafficking Protocol*. https://www.nswp.org/resource/international-guidelines/the-annotated-guide-the-complete-un-trafficking-protocol (16 Julie 2021 geraadpleeg).

Kemp, G. (red.). 2018. *Criminal law in South Africa.* 3de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.

Kleyn, D., F. Viljoen, E. Zitzke en P. Madi. 2018. *Beginner's guide for law students*. Claremont: Juta.

Kruger, B. 2010. Combating human trafficking: a South African legal perspective. LLD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

—. 2016. Towards a sharp prosecution sword to combat human trafficking: comparing the new South African counter-trafficking law with international prosecution standards. *Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 49(1):54–84.

—. 2017. Combating child trafficking in the Children's Act and the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act. In Boezaart (red.) 2017.

—. 2020. Die koop en verkoop van kinders in Suid-Afrika – behoorlik gestraf, of 'n ware winskoop? *LitNet Akademies*, 2(2):749–89.

Langheld, G.C. 2016. Multilingual norms in European criminal law. In Fenwick en Wrbka (reds.) 2016.

Maiangwa, B. en D. Agbiboa. 2014. Why Boko Haram kidnaps women and young girls in North-Eastern Nigeria. *Conflict Trends,* 3:51–6.

Minnie, D. 2009. Sexual offences against children. In Boezaart (red.) 2009.

Mollema, N. 2014. Combating human trafficking in South Africa: A critical evaluation of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 of 2013. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 77(2):246–61.

Mtshali, V. 2014. Forced child marriage practiced under the pretext of customary marriage in South Africa. *Child Abuse Research in South Africa*, 15(2):51–61.

Müller-Van der Westhuizen, C. en R. Streso. 2018. *Ukuthwala* – gebruik of misbruik? *LitNet Akademies*, 15(3):1143–66.

Mwambene, L. en H. Kruuse. 2017. The thin edge of the wedge: ukuthwala, alienation and consent. *South African Journal on Human Rights*, 33(1):25–45.

Mwambene, L. en J. Sloth-Nielsen. 2011. Benign accommodation? *Ukuthwala*, "forced marriage" and the South African Children's Act. *African Human Rights Law Journal*, 11(1):1–22.

Prinsloo, J. en M. Ovens. 2015. *Ukuthwala* as an aberrant traditional practice: the State versus Nnvumeleni Jezile 2014 WCD. *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 4:169–81.

Raitio, J. 2003. *The principle of legal certainty in EC law*. Boston: Kluwer Academic Publishers.

Rautenbach, C. en J. Matthee. 2010. Common law crimes and indigenous customs: Dealing with the issues in South African law. *Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law*, 42(61):109–44.

Reader's Digest. 1996. *Oxford Complete Wordfinder.* New York: Reader's Digest Association, Inc.

Rodríguez-López, S. 2020. Telling victims from criminals: human trafficking for the purposes of criminal exploitation. In Winterdyk en Jones (reds.) 2020.

SALRC (Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie). 2015. *Revised Discussion Paper 132 (Project 138: The Practice of* Ukuthwala*)*. Pretoria: SALRC.

Snyman, C.R. 2012. *Strafreg*. 6de uitgawe. Kaapstad: LexisNexis.

Snyman, C.R. (bygewerk deur S.V. Hoctor). 2020. *Snyman's criminal law*. 7de uitgawe. Kaapstad: LexisNexis.

UNODC (Verenigde Nasies se Kantoor oor Dwelms en Misdaad). 2018. *The international legal definition of trafficking in persons: Consolidation of research findings and reflection on issues raised.* New York: Verenigde Nasies.

—. 2020a. *Legislative guide for the implementation of the protocol to prevent, suppress and punish trafficking in persons, especially Women and Children*. New York: Verenigde Nasies.

—. 2020b. *Model legislative provisions against trafficking in persons*. New York: Verenigde Nasies.

—. 2020c. *Global report on trafficking in persons 2020.* New York: Verenigde Nasies.

Van der Walt, A. 2021. Myn kry goud, geld terug. Netwerk24. https://www.netwerk24.com/Nuus/Misdaad/myn-kry-goud-geld-terug-na-ontvoering-20210903 (13 September 2021 geraadpleeg).

Venter, Z. 2019. Human trafficking "kingpin" to rot in jail. *Pretoria News*, 18 September. iol.co.za/pretoria-news/news/human-trafficking-kingpin-to-rot-in-jail-33191689 (9 Augustus 2021 geraadpleeg).

VN (Verenigde Nasies). 2021. Ratifications: Protocol to prevent, suppress and punish trafficking in persons, especially women and children, supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime. https://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=XVIII-12-a&chapter=18&clang=_en (15 Julie 2021 geraadpleeg).

VSA Departement van Buitelandse Sake. 2018. *Trafficking in persons report*. https://www.state.gov/reports/2018-trafficking-in-persons-report (13 Januarie 2020 geraadpleeg).

—. 2021. *Trafficking in persons report*. https://www.state.gov/reports/2021-trafficking-in-persons-report (5 Julie 2021 geraadpleeg).

Winterdyk, J. en J. Jones (reds.). 2020. *The Palgrave international handbook of human trafficking*. Cham, Switserland: Palgrave Macmillan.

Zabyelina, Y. 2020. The application of the non-punishment principle to victims of human trafficking in the Unites States. In Winterdyk en Jones (reds.) 2020.

**Eindnotas**

[1] Fenwick en Wrbka (2016:1).

[2] Kleyn e.a. (2018:19).

[3] (2016:2).

[4] Kleyn e.a. (2018:19). Sien ook Raitio (2003:372).

[5] (2016:2).

[6] Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

[7] 2009 4 SA 222 (KH) 61.

[8] 2021 ZACC 28.

[9] Par. 1.

[10] Sien bv. Burchell (2016), Hoctor (2013), Kemp (2018), Snyman (2012) en Snyman (2020).

[11] Burchell (2016:667).

[12] Minnie (2009:531); Jokani, Knoetze en Erasmus (2018:750).

[13] Snyman (2012:425). Burchell (2016:668) verwys na die statutêre weergawes van abduksie wat ter aanvulling van die misdaad geskep is. Hierdie weergawes vervang egter nie die gemeenregtelike misdaad van abduksie nie, en verskil ook weinig daarvan.

[14] Snyman (2012:421). Sien ook Burchell (2016:666); Hoctor (2013:103); Kemp (2018:415); Minnie (2009:531); Snyman (2020:351).

[15] In die gemenereg is ’n persoon onder 21-jarige ouderdom as ’n kind beskou. Art. 17 van die Kinderwet 38 van 2005, wat op 1 Julie 2007 in werking getree het, bepaal egter nou dat ’n kind iemand onder 18-jarige ouderdom is. Sien ook Snyman (2020:351).

[16] Snyman (2012:422).

[17] (2016:667). Sien ook Kemp (2018:415); Snyman (2020:353).

[18] Snyman (2020:352); Snyman (2012:423).

[19] Minnie (2009:532). Sien ook Kemp (2018:416); Snyman (2020:352).

[20] *S v Killian* 1977 2 SA 31 (K) 35, 37; Kemp (2018:415–6); Snyman (2020:352).

[21] Kemp (2018:417); Snyman (2020:352).

[22] *R v Hanna* 1937 TPD 236–238; Kemp (2018:419); Snyman (2020:352).

[23] Kemp (2018:416); Snyman (2020:353).

[24] Snyman (2020:353); Kemp (2018:416).

[25] Burchell (2016:667).

[26] Burchell (2016:671); Kemp (2018:418); Snyman (2012:424); Snyman (2020:352).

[27] De Wet (1985:271–5). Sien ook par. 3.1.1 hier onder.

[28] Snyman (2012:501).

[29] De Wet (1985:271–5).

[30] 1974 3 SA 706 (A) 715.

[31] *R v Lentit* 1950 1 SA 16 (K) 20; *S v Levy* 1967 1 SA 351 (W) 352–4; *S v Long* 1970 2 SA 153 (RA) 159; *S v Blanche* 1969 2 SA 359 (W) 360.

[32] Sien nota 15 hier bo, asook Snyman (2020:419).

[33] Burchell (2016:659, 661). Sien ook Snyman (2012:501); Hoctor (2013:102); Kemp (2018:332); Snyman (2020:417).

[34] Burchell (2016:659).

[35] Snyman (2012:502); Snyman (2020:418).

[36] Snyman (2020:419).

[37] 1990 1 SASV 347 (W).

[38] 2016 1 SASV 229 (KZP).

[39] *S v Dlamini* 2016 1 SASV 229 (KZP) 233–5.

[40] Snyman (2020:419); Burchell (2016:661).

[41] *S v Blanche* 1969 2 SA 359 (W) 360.

[42] 1983 1 SA 747 (O) 751.

[43] Sien par. 2.2.2 hier bo, asook Burchell (2016:660); Kemp (2018:333); Snyman (2012:504); Snyman (2020:419).

[44] 2021-6-8 saaknr. A87/2020 (GJ) 49.

[45] 2011 1 SASV 122 (GP).

[46] Burchell (2016:660).

[47] 1990 1 SASV 347 (W) 348–50.

[48] 2012:504. Sien ook Kemp (2018:333).

[49] Burchell (2016:659–60).

[50] Van der Walt (2021:1).

[51] 1974 3 SA 706 (A) 707.

[52] Snyman (2020:418).

[53] Sien hier bo.

[54] Sien par. 3.1.1.

[55] VSA Departement van Buitelandse Sake (2021:60). Sien ook VSA Departement van Buitelandse Sake (2018).

[56] IOM (2021).

[57] UNODC (2020c:4).

[58] Mensehandelprotokol art. 1; Jordan (2002:2).

[59] UNODC (2020a:19).

[60] VN (2021:1).

[61] UNODC (2020a:12).

[62] Kruger (2017:251).

[63] *Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act* 7 van 2013 (Wet op Mensehandel): aanhef. Sien ook Kruger (2010:414–5); Kruger (2016:64).

[64] Kemp (2018:671); Kruger (2016:64–5).

[65] Mollema (2014:247).

[66] Mollema (2014:247–51). Vir ’n kritiese bespreking oor of die Wet op Mensehandel met die Mensehandelprotokol strook, sien Kruger (2016:73–9).

[67] Wet op Mensehandel 7 van 2013: artt. 3 en 37. Sien Kruger (2017:252–60) vir ’n bespreking van die wet.

[68] Mensehandelprotokol artt. 3(a) en 5.

[69] Kruger (2016:74); UNODC (2020a:29–30).

[70] UNODC (2020a:30).

[71] Aronowitz (2015:10–1); Kruger (2016:76–7).

[72] Kruger (2016:76–7).

[73] UNODC (2018:17).

[74] UNODC (2020a:33–9).

[75] 2017-12-14 saaknr. 4SH/144/2016 (Germiston-streekshof). Sien ook Kruger (2020:761).

[76] UNODC (2018:22).

[77] Artt. 3(a) en (c); UNODC (2020a:29, 40).

[78] Maiangwa en Agbiboa (2014:52), eie beklemtoning.

[79] Reader’s Digest (1996:2).

[80] UNODC (2020a:31); (UNODC 2020b:18).

[81] Du Toit (2017:448–56).

[82] Sien bronne in nota 10 hier bo.

[83] De Wet (1985:271–2).

[84] De Wet (1985:272–3). Kemp (2018:332) wys daarop dat die statutêre misdaad "kinderdiefstal" in die Engelse reg die verwydering van kinders jonger as 14 jaar uit hul ouers se beheer bestraf.

[85] (2012:501–2). Sien ook De Wet (1985:271–5); Jokani, Knoetze en Erasmus (2018:752); Snyman (2020:417–8).

[86] 1950 1 SA 16 (K) 17.

[87] 1950 1 SA 16 (K) 20, eie beklemtoning.

[88] 1963 4 SA 831 (GW) 831.

[89] 1969 2 SA 359 (W) 360.

[90] 360.

[91] 1967 1 SA 351 (W) 353–4.

[92] Eie beklemtoning. Sien ook *S v Blanche* 1969 2 SA 359 (W) 360: "[C]hild stealing consists in unlawfully and intentionally depriving a person of liberty of movement and/or his custodians of control."

[93] 1983 4 SA 564 (T) 565.

[94] 1983 1 SA 747 (O) 749.

[95] Eie beklemtoning.

[96] Sien par. 2.1 hier bo.

[97] Sien par. 2.2.1 hier bo.

[98] Burchell (2016:669); Kemp (2018:415).

[99] Hoctor (2013:103).

[100] Sien par. 2.2.5 hier bo.

[101] Sien par. 2.2.3 hier bo.

[102] Burchell (2016:660).

[103] Kemp (2018:414).

[104] 2013 1 SASV 288 (GSJ).

[105] 2013 1 SASV 288 (GSJ) 288, eie beklemtoning.

[106] 2013 1 SASV 288 (GSJ) 290, eie beklemtoning.

[107] 1977 2 SA 31 (K).

[108] 1977 2 SA 31 (K) 32, eie beklemtoning.

[109] 1977 2 SA 31 (K) 32.

[110] 1993 2 SACR 18 (OK).

[111] 1993 2 SACR 18 (OK) 18–20, 24–6, 31–2.

[112] 1993 2 SACR 18 (OK) 31, eie beklemtoning.

[113] Eie beklemtoning.

[114] Sien par. 2.1.3 hier bo.

[115] 2020 JDR 0618 GP 8–12.

[116] 2017-3-13 saaknr. RC 465/15 (Pinetown-streekshof, KZN).

[117] UNODC (2018:7).

[118] Wet op Mensehandel artt. 5–10; UNODC (2020b:52–3).

[119] 2020-12-11 saaknr. CCD 39/2019 (KZND) 1 (SAFLII: Uitspraak op vonnis 2021-3-26).

[120] 2020 JDR 0618 GP 1.

[121] Art. 13(b)–(c).

[122] Die Konvensie oor Transnasionale Georganiseerde Misdaad artt. 10(4) en 11(1); UNODC (2020a:50).

[123] Art. 13(a).

[124] Art. 13(b)–(c).

[125] Die Konvensie oor Transnasionale Georganiseerde Misdaad artt. 10(4) en 11(1); (UNODC 2020a:50).

[126] Sien o.a. *S v Dos Santos* 2018 1 SACR 20 (GP) 27 en *S v Nahimana Allima* 2014-6-24 saaknr. RC 92/13 (Nongoma-streekshof, KZN) waar minderjarige dogters vir seksuele uitbuiting verhandel is. Sien voorts *S v Nombuyiselo Matini* 2017-10-27 saaknr. RC 123/2013 (Uitenhage-streekshof, OK) waar 'n kind met 'n verstandelike gestremdheid verhandel is.

[127] 2018 2 SASV 54 (GP) 55.

[128] 2020 JDR 0618 GP 8.

[129] 2020-12-11 saaknr. CCD 39/2019 (KZND) 19–21 (SAFLII: Uitspraak op vonnis 2021-3-26).

[130] 2019-11-21 saaknr. SS45/2018 (GJ); Germaner (2020).

[131] Sien Kruger (2020:765–7) vir 'n bespreking oor vonnisoplegging in kinderhandelsake.

[132] Art. 14. Sien ook UNODC (2020b:40–1).

[133] 2018 1 SACR 20 (GP) 27.

[134] 2020 JDR 0618 GP.

[135] 2020 JDR 0618 GP 13.

[136] Venter (2019:3).

[137] 2018 1 SACR 20 (GP) 27.

[138] 2017-2-28 saaknr. SS14/2016 (GJ).

[139] (2015:11).

[140] 2020-12-11 saaknr. CCD 39/2019 (KZND) 7 (SAFLII: Uitspraak op vonnis 2021-3-26).

[141] 2020 JDR 0618 GP 6.

[142] 1993 2 SACR 18 (OK).

[143] Sien die bespreking in par. 3.3 hier bo.

[144] UNODC (2020b:27–9).

[145] Art. 12.

[146] UNODC (2020b:56).

[147] Art. 19(1); Mollema (2014:256).

[148] Artt. 18(9) en 13(1)(e).

[149] Artt. 19(1), (13) en 13(1)(e).

[150] Art. 18(4)–(7).

[151] Art. 18(5).

[152] Kinderwet 38 van 2005: artt. 150–8; Mollema (2014:256); UNODC (2020b:64).

[153] Artt. 19, 24–8.

[154] Artt. 19(5)(b).

[155] Artt. 19(5), (7)–(8), (10), 24(1) en 27.

[156] Aronowitz (2015:12–3); UNODC (2020a:65); UNODC (2020b:23, 57).

[157] Art. 15(6); UNODC (2020b:57).

[158] UNODC (2020b:79–80).

[159] 2018 1 SASV 20 (GP).

[160] 2018 2 SASV 54 (GP).

[161] 2017-12-14 (vonnisdatum) saaknr. 4SH/144/2016 (Germiston-streekshof).

[162] 2019-11-21 saaknr. SS45/2018 (GJ).

[163] Kruger (2020:771–2).

[164] Rodríguez-López (2020:303–10).

[165] (2020:303–17).

[166] (2020:1169–70).

[167] Zabyelina (2020:1170). Aronowitz (2015:12) voeg ook dwanggegronde (*duress-based*) misdade by, waar die slagoffer gedwing word om misdade te pleeg.

[168] Art. 22; UNODC (2020a:48–9).

[169] UNODC (2020b:44–5); Kruger (2020:763–4).

[170] UNODC (2020b:63).

[171] 2020-12-11 saaknr. CCD 39/2019 (KZND) 3-4 (SAFLII: Uitspraak op vonnis 2021-3-26).

[172] Art. 23; UNODC (2020b:65, 67–8).

[173] Art. 300(1)–(2).

[174] Art. 300(3)–(5).

[175] UNODC (2020b:71).

[176] 2020 JDR 0618 GP 6.

[177] Art. 29(1); UNODC (2020a:64).

[178] Sien par. 4.2.5 hier bo.

[179] Art. 34; UNODC (2020a:68, 70); UNODC (2020b:83).

[180] Artt. 31–2.

[181] Art. 33.

[182] Artt. 34–5; UNODC (2020b:82).

[183] Art. 3(a); UNODC (2018:24).

[184] Mollema (2014:249). Sien ook tabel onder par. 2.3.2. hier bo.

[185] Jokani, Knoetze en Erasmus (2018:748); Mwambene en Sloth-Nielsen (2011:3); SALRC (2015:6).

[186] *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 73; Jokani, Knoetze en Erasmus (2018:749).

[187] *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 74.

[188] SALRC (2015:6); *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 72; Müller-Van der Westhuizen en Streso (2018:1146); Mwambene en Sloth-Nielsen (2011:3–4).

[189] Mwambene en Sloth-Nielsen (2011:3–4); *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 72.5; SALRC (2015:8).

[190] Art. 1 van die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998 omskryf *lobolo* as eiendom in kontant of in goedere wat ’n aanstaande man of die hoof van sy familie onderneem om aan die hoof van die aanstaande vrou se familie as teenprestasie vir ’n gebruiklike huwelik te gee.

[191] *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 73. Volgens art. 3(1) van die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998 is ’n gebruiklike huwelik (of gewoonteregtelike huwelik) wat ná die inwerkingtreding van die wet gesluit is, geldig slegs indien (a) albei die aanstaande gades (i) bo die ouderdom van 18 jaar is, en (ii) instem om kragtens die gewoontereg met mekaar te trou, en (b) die huwelik ooreenkomstig die gewoontereg beding en gesluit of voltrek word. Sien ook Prinsloo en Ovens (2015:172).

[192] 2014:51, 53.

[193] Mtshali (2014:56); Prinsloo en Ovens (2015:169).

[194] UNODC (2018:18).

[195] 1908 22 EDC 243.

[196] *Ncedani v Rex* 1908 22 EDC 243, 244. Sien ook Rautenbach en Matthee (2010:120).

[197] (2018:752).

[198] *S v Jezile* 2015 2 SASV 452 (WKK) 480: par 95; *S v Gudwana* 2019-7-1 saaknr. SHM 118/2012 (Wynberg-streekshof, WK).

[199] Rautenbach en Matthee (2010:122).

[200] 2015 2 SASV 452 (WKK).

[201] Prinsloo en Ovens (2015:171–2).

[202] 477.

[203] 457–8.

[204] 458.

[205] 452–60.

[206] Volgens Rautenbach en Matthee (2010:114) verwys die term *verweer* in die strafreg na die aanvoering van ’n rede deur die beskuldigde as regverdiging vir die misdaad wat hy gepleeg het.

[207] 474. Sien ook Mwambene en Kruuse (2017:37). Reeds in 1948 het die hof in *R v Mane* 1948 1 SA 196 (OK) 199–200 soos volg beslis: “It is clear from the evidence of the headman who gave evidence as to the custom of *twala* that it is an essential element of that custom that the bride should be a consenting party.”

[208] 479. Vir ’n teenstellende standpunt van die betrokke gemeenskap, sien Mwambene en Kruuse (2017:25–45).

[209] 480: par 95. Die *amici curiae* het in par. 81 aangevoer dat “only the traditional form of *ukuthwala* could be recognised under our law”.

[210] 106.

[211] Jokani, Knoetze en Erasmus (2018:748).

[212] Prinsloo en Ovens (2015:171).

[213] Jokani, Knoetze en Erasmus (2018:767).

[214] 1916 EDL 170.

[215] 1948 1 SA 196 (OK) 196–200.

[216] 1998 JOL 126 (Tk).

[217] *S v Jezile* 2015 2 SASV 452 (WKK) 95; *S v Gudwana* 2019-7-1 saaknr. SHM 118/2012 (Wynberg-streekshof, WK).

[218] Langheld (2016:121).

[219] Sien par. 3.3.

[220] 1977 2 SA 31 (K) 32.

[221] 32.

[222] 1993 2 SACR 18 (OK).

[223] 31.

[224] Snyman (2020:417–8); Burchell (2016:661).

[225] De Wet (1985:272); Snyman (2012:502); Snyman (2020:418).

[226] Kruger (2020:761–3); Kruger (2017:254); Kruger (2016:78, 83–4). Sien ook par. 2.3.6 hier bo.

[227] Aronowitz (2015:4); UNODC (2018:27).

[228] Vir ’n kritiese bespreking van die regspunt, sien Kruger (2020:761–3).

[229] UNODC (2020b:34–5).

[230] Art. 4(1)(f)–(g). Sien ook tabel onder par. 2.3.2 hier bo.

[231] *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 75.

[232] SALRC (2015:55).